

„Ja” sê Danie „maar jii weet bij ons jag ons net springbokke, en soos ik meen is ’n gensbok maar ’n bietje gevaarlik”

„Ag nou ja,” las Sannie in, „daar is eindlik daarom nie juis so ’n groot gevaar nie en veral nie vir julle jagters wat weet hoe om met die goed om te gaan nie. Julle ja net die bokke in, spring af en skiet, dis al.”

Nou, die gesprek het maar nie ’n alte gunstige indruk op Danie gemaak nie, want inwendig, alhoewel hij dit nie wou laat uitkom nie, was hij verskriklik bang vir ’n gensbok, want hij het gehoor dat so ’n dier daar niks van maak, als hij in moeilikheid verkeer, om ’n mens met daardie lang spies-hoorn dood te steek nie. Maar gelukkig skiet hom ’n gedagte te binne, die soos hij gemeen het, hom uit ’n wereld van moeilikheid sou verlos, en waarop hij blijmoedig antwoord: „Mijn lieve Sannie, jii moet nou nie altemit denk dat ik bang is nie, maar dit spijt mij dat ik jou goeie verwagtings sal moet teleurstel, want kijk, ik is mos nou nie een van die jagpartij nie, en ook is daar nie ’n perd om op te rij nie. Soos jii weet, mijn kar-perde kan nie gerij worde nie, en op die hele plaas is nie ’n perd waar ik mee kan gaan nie.”

„Ja,” sê Sannie ewe teleurgesteld, „dis waar, maar dis baing jammer.”

Danie was ’n allerliefste goeie mens, maar hij het daarom ook foute gehad. Nou, dit kan ons ook al nie help nie, daar jii nou bij die slegste mens ’n deug aantref, is dit maar gewoonlik so dat die beste mens ook ’n ondeug besit, want niemand is volmaak nie.

Nou Danie se swakheid het daarin gelê, dat hij hom ’n bietjie meer aangematig het als wat hom werklik toegekome het, want hij was op ’n perd omtrent net so rats als ’n pampoene, en met ’n geweer was hij swakker, en had hij dit nou maar liewers erken, dan was niemand teleurgesteld nie, en hij self was van ’n groot moeilikheid gevrijwaar.

Die volgende morre was dan, so als verwag was, al

die jagters op Somerflakte bijmakaar, om van daar naar die jagveld te vertrek.

Jan Rats, een van die geselskap, het vir Danie goed geken, en was regte blij om hom te ontmoet; en na dat Danie al die mense gegroet het, sê Jan Rats: „Danie, jong, ons is baie blij dat jii ook hier is, en jii moet seker ook van dag saam gaan skiet.”

„Ja”, sê Danie, nog met die vermoeding dat daar nie ’n perd was waar hij op kon rij nie, „ik sou baie graag wou mee gaan, maar ongelukkig het ik nie ’n perd nie.”

„Nee jong”, val Piet Jonker in, ook een van die geselskap, „die hele wereld is nog reg, want jii kan vir Bloubok van Piet Skietfontein rij. Piet is eergister weg op besigheid, en het toen vir mij gevra om vir Bloubok hierheen mee te bring, dan sou hij van morre van Duikerlaagte, waar hij moes oor blij, hierheen kom, maar nou het hij laat weet dat hij verhinder geworde is, en nie meer sal kom nie, nou kan jii maar sijn perd vat. En neef Danie”, vervat hij verder, „jii sal sien dat ou Bloubok ’n eerste klas dier is: maklik om te rij. In die jagveld nadat hij die wild gewaar het, kan jii hom maar laat begaan, hij weet net persies om hom te gedra.” ’n Mens kan begriip hoe dat Danie se hart, bij die aanbod, wat hij nou nie meer kon afwijs nie, in sijn skoene gesak het, daarteen, hoe dat Sannie haar hart weer vervrolik was, want Danie was haar aanstaande, en sij was in haar gemoed oortuig dat die Bolander vandag al die grootpratens sal uitstof—maar hij het nie.

Danie moes die aanbod aanneem alhoewel hij bitterlik spijt had dat sake so ’n wending geneem het, en met keil en manêl en al, was hij een-twee-drie, en ja laat ons maar vier ook nog bij sê (want dit het nie alte flug gegaan nie) in Bloubok se kam.

Die houding van Danie het maar nie ’n alte gunstige indruk op Sannie gemaak nie, want hij het danig vooroor gesit, „maar”, dag sij, „alles sal wel reg kom”—maar dit het nie.

Danie het dit maar smoor gehad. Om nou te begin : daar was glad nie kans om te gesels nie : hij moes net al sijn positiewe bymakaar hou om bo te blij. En dan nog die klomp goed wat hij moes vas hou, soos die geweer, die teugels en die saalboom, en daar 'n mens maar nou net twee hande het, het dit hom maar 'n bietjie lastig geval. Gelukkig, daar almal se oge nou op die jagveld gerig was, het niemand groteliks naar hom opgelet nie.

Nadat hulle omtrent 'n halfuur gerij het, gewaar hulle 'n onsaglike groot klomp gensbokke. Tot nog toe het Danie niks gesien nie, want hij het maar altijd die keil tegen die wind gehou, maar Bloubok het, en begin toen ook saam met die ander perde te loop so hard als hij maar kon.

Danie het hom maar net bij die saalboom bepaal, daar ou Bloubok nou so loop dat hij bijna nie hemel of aarde kon beken nie. Hij het toen in die gouwigheid 'n berekening gemaak : hij sou die perd maar laat loop so hard en waarheen hij ook al wil, dan sal hij sodra hij uit die gesig van die jagters is, maar 'n plan maak om bij die huis te kom, en nog, voor die aankoms van die geselskap weer daarvandaan met sijn kar te laat vat. Maar Bloubok het ook 'n berekening gemaak : hij sou op die dikste plek bokke instorm, en volgens jaggewoonte vassteek, so dat sijn baas kan afspring en woel onder die bokke, en hij het so gemaak ook.

Dit was enige duisende gensbokke en in die dikste daarvan het Bloubok met alle mag en geweld vasgesteek met die gevolg dat Danie sommer aangehou het. Daar trek Danie, sonder roer, die keil wat hom *net* gepas het, nog tegen die wind, en die manêl se pante in die lug, soos die vlerke van 'n aasvogel wat wil gaan sit, en tot sijn grootste skrik kom hij op sijn kop tussen die bokke te lande.

Die keil was oor sijn ore, op sijn skouers vasgedruk en dit dreun toen soos donderweer om hom heen soos die bokke loop. Dat die angs van Danie die verwagting van Sannie te

bowe gegaan het, sal almal, sonder behulp van Bartjes kan bereken, daar hij met die inwendige vrees besield was, dat een of die ander gensbok uit bildadigheid sijn priemhoorns agter sijn blad sou kom indruk, en daar hij nou nie kon sien nie, en die ellendige keil ook nie kon afkrij nie, het sijn vrees al groter geworde, so dat hij met alle geweld geskree het: „Snij oop! Snij oop!” Maar, daar niemand nou teenwoordig was om oop te snij nie, het hij self maar gou sijn knipmes uitgehaal en die keil bokant sijn kop half afgesit, sodat hij die een helfte kon agter oor stoot en die ander helfte kon aftrek, dat hij weer kon sien.

Daar al die jagters nou oor die bult, agter die bokke in was, het Danie van die gunstige ogenblik gebruik gemaak; sijn roer opgetel, en weer opgeklim en so vinnig als die omstandighede dit toegelaat het, maar laat trap huis toe.

„Ag hemel!” dag hij op sijn terugreis, „wat sal Sannie tog sê, als sijn die affêre agter kom. Huistoe kan ik nooit rij nie, want dan sal ik die hele wereld moet aan makaar lieg om los te kom. Nee, als ik maar nou net mij jong in die hande kan krij, dan kom die ding dalk nog reg.” Terwijl hij nog so sit te denk, sien hij Hendrik, sijn jong, waarlik teen die bult naar hom toe kom.

Toen Hendrik nou bij Danie gekom het en sien hoe dat sijn baas daar uitsien, kan 'n mens begriip dat dit maar broekskeur gegaan het om sijn lag te bedwing, maar 'n jong mag mos nie vir sijn baas lag nie, en alhoewel dit moeilik gegaan het, het hij daarom nie gelag nie.

„Basie,” begin Hendrik, „die nonnie het mij gestuur om te hoor of basie nie altemit 'n ridding wil hê nie om die bokke op te laai nie?”

„Ja, Hendrik,” antwoord Danie, „vat jij nou die vuilgoed van 'n perd, want hij steek mos vas, waar en wanneer hij wil, en bind hom in die stal vas, en sit die roer ook maar daar neer, dan span jij mijn kar in, en kom maar regaf soos ons gekom het, en dan sal ik vir jou daar voor in die laagte wag. En jij moet maar gou maak ook. Als

iemand nou vir jou vra waar jii naat toe gaan, dan sê jii maar, jii gaan die bokke haal, en als hulle niks vra nie, dan sê jii ook niks nie.”

„Maar,” vra Hendrik „het Basie dan nie bokke geskiet nie?”

„Nee, ik wens dat die laaste gensbok gevrek was, en die ou verhekste perd ook, ik het mij bijna dood geval, wat wou ik nog bokke geskiet het. Loop, maak maar soos ik vir jou gesê het, en versuim niks.”

Hendrik het toen so gemaak soos die order was, en Danie in die laagte ontmoet. Niemand het ooit weer iets van Danie verneem nie. „Want,” dag hij, „die nooi wat ik op die jagveld moet uitskiet, is bokant mij vuurmaakplek.”



DIE HELD VAN VIJOLKRAAL.

Ou Marthinus Smit van Vijoolkraal, distrik M., Kaap-Kolonie, was 'n liewe goeie ou siel, maar het daarom 'n groot fout gehad, en dit was : die ou kon 'n bietjie groot praat. Nou, die ou *kon* lekker praat, en wou altijd laat uitkom, dat hij nog nooit bang gewees het nie, en ook nooit die ding sal krij, waarvoor hij sal bang worde nie.

Nou, daaromtrent het elk een, wat hom geken het, sijn eige opinie gehad, maar wat almal daarom goed gewheet het, was, dat die ou nie eindlik bang vir werk gewees het nie, want baing dage het hij sijn pijp opgesteek, en bo op die werk gesit en slaap. En skrik hij daar dan wakker, dan het hij altijd die een of die ander voorwendsel, om naar die of daardie buurman te gaan, om dit of dat te gaan leen.

Nou die plan was dan nie eindlik, om die ding, wat hij nou kasta kortkom, in hande te krij nie, maar meer om te gesels.

So was dit dat oom Marthiens, hom weer een dag op een van sijn leen-, of liewers geselstogte, bevinde het—te perd, want die ou het nooit, als hij dit kon help, te voet geloop nie.

Die perd wat die ou gerij het, was ook nie van die beste kaléwer nie, en was beroemd vir sijn luiheid, want als jij op hom sit, met 'n flukse paar spore en 'n hand-sambok, dan draf hij hoogte af, en op 'n vinniger vaart het jij hom nooit gekrij nie. Maar ou Bokkie was dan tog 'n vervoermiddel en ou Marthiens was ook hoog in sijn skik met hom, want so lang als hij ou Bokkie het, hoef hij daarom nie te voet te loop nie.

Was daar nou in die een of ander geselskap, waar ou Marthiens tegenwoordig was, sprake van perde, dan

kon jii hom maar gehoor het, hoe dat hij van ou Bokkie springbokke laat vang het, en beroemde resiesperde disnis geja het. Ja al die goeie hoedanighede wat enig perd nog besit het, was in ou Bokkie te vinde.

Als ou Marthiens nou geweet het, hoe dat sijn heldhaftigheid, en die vermaardheid van ou Bokkie, die dag op die proef sou gestel worde, dan het hij seker nie die middag bij sijn buurman Hugo Lankreg op Leokrans gaan kuier nie. Maar, daar niemand nou vooruit in die toekoms kan sien nie, en ou Marthiens ook nie, het hij maar gerij.

Toen ou Marthiens nou die huis in die gesig krij, sien hij dat daar 'n hele paar kerels voor die deur in die koelte sit, en dit het die ou glad nie vies geval nie, want hij begin toen al om sijn lippe te lek vir die gesels wat voorlê. Daar gekom, nadat hij gegroet, en ou Bokkie besorre het, het die ou ook plaas geneem in die geselskap, en daar die gesprekke juis net toevallig oor kaffer-oorloge was, merk een van die sprekers aan, bij die aankoms van ou Marthiens: „Wag, julle sê nou 'n kaffer is so danig dapper, maar oom Marthiens het al baing met die nasie oorlog gemaak, hij sal julle kan vertel of dit so is.”

Daarop trek ou Marthiens dadelik los, nadat hij 'n goeie pruimpie in gesit het, en die twak en die mes aan die geselskap rond gepresenteer het :

„Kerels,” so begin die ou, „'n kaffer is glad nie so dapper, als baing mense dit wel uitmaak nie. Die mense wat so praat is maar net die klas wat altijd in die lager blij, maar ons wat gedurig met die tuig in aanraking op die voorposte geblij het, weet wat dat hulle dapperheid beteken het. Om julle nou 'n geval mee te deel,” so gaat hij voort. „Op die 31ste Maart 1846 verklaar die Gouverneur, Sir P. Maitland, oorlog tegen Sandillie, die kaptein van die Gaikas, en nog na die oorlogs verklaring, het die kaffers, deur dat die Kommandoes 'n bietjie stadig was, op 15 April, 63 provisie wagens afgeneem, en kort daarna, bij Trompetterdrif nog 'n 40. Daarna het ons handelend opgetree, 'n hele partij van hulle doodgeskiet, en 4,000

beeste buitgemaak. En dit was ook nie al te lank nie, of Sandillie vra om vrede. Wel kerels," vervat hij, „dit was juis in *die* oorlog, wat ik julle 'n voorval van kafferdap- perheid wil meedeel. Sondage," so gaan hij voort, „was ons gewoonte om stil te lê, maar deur dat die dag dan vir mij altijd so lank was, omdat ons niks te doen het nie, had ik die stoute gewoonte, om in die gebergtes, alleen, moet julle weet, te gaan bijnes uithaal. Wel, dit het altijd goed gegaan, en nieteenstaande dat ik verskeie male van mijn medeburgers gewaarskuw was om tog voorsigtiger te wees, het ik maar met mij gewoonte voortgegaan. Maar een Sondag het ik daarom amper mijn riemme stijf geloop. Die toedrag van sake was so: Ik was weer besig om 'n nes uit te haal, en was net klaar om weer naar die lager met die heuning te vertrek, toen sien ik tot mijn grootse skrik, drie gewapende kaffers vlak onder die krans waarop ik was. Was ik nou maar gewapend dan was daar dadelik kos vir die aasvogels, maar ongelukkig het ik mijn roer in die lager gelaat, en moes mij maar gevange gee.

Daar is altijd 'n geluk bij 'n ongeluk," hervat die ou, „anders was ik nie vandag hier om julle die storie te vertel nie. Die taal van die ou nasie kon ik net so goed als hulle self praat, en daarin het mijn hele behoud gelê. Maar ik het mij toen maar dom gehou, en gemaak als of ik niks van hulle gesprekke verstaan het nie. Die gesprek het daarop neergekom, dat hulle mij sal ontklee, en twee moes dan mijn arms omhoog vas u, terwijl die derde dan met 'n asgaai 'n twintig tree sal agteruitloop, en met volle vaart op mij aanstorm, en dan maak, alsof hij mij wil dwars deur steek, maar mij dan maar net sal prik. En so moet dit aanhou al harder en harder, totdat ik dood gemartel is. Wel, so gesê en so gedaan. Ik word dan ontklee, behalve mijn skoene hou ik aan, en kerels, ik kan julle sê dit was 'n paar newwies van die eerste water. Mij twee arms werd toen omhoog gehou, en die komedie begin, maar net bij die derde steek krijg ik seer, en ik was klaar met die regter voorpoot, en skop die kaffer met die asgaai,

dat hij in makkaar sak. Mijn regterhand trek ik toen los en plijster die hot kaffer op sijn oor, dat hij so in sijn bloed smoor. Die derde wou toen die spat neem, maar so gou als nou had ik een van hulle roers in die hand en ja hom die kogel agter die blad deur. Bedaard het ik toen die ander twee met hulle eige asgaai verder doodgesteek, en met mij heuning lager toe gegaan."

„Maar” val een van die geselskap in, „oom Marthiens, was jij dan nie bang nie?” Waarop ou Marthiens ewe driftig antwoord : „Wat bang?” en voeg daar nog bij : „bang is vir mij bang!”

Terwyl die gesprek nog vlot aan die gang was, trek Piet Voel, een van die geselskap, aan Hugo Lankreg se baatje, en knik hom ’n bietjie opsij. Hulle staan toen dadelik op, maak toen hulle ekskuus, en stap die huis binne. Binne gekom, sê Piet Voel aan Hugo Lankreg: „Kijk hier, ik is al lank moeg vir ou Marthiens se slim stories, en vanaand, wil ik die ou se dapperheid op die proef stel. Ik sal mij swart smeer, en mij dan in die ou se pad, daar bo in die kloof versteek, en als hij en ou Bokkie dan virbij kom, sal ik hom die dood op die lijf ja, dit belowe ik jou. Hou hom nou maar op, tot omtrent skemer, dan laat jij hom rij.”

Piet Voel het toen ’n lang riet geneem en voor aan die punt ’n tafelmes vas gemaak, en na dat hij hom degelik swart gesmeer het, het hij hom daar bo in die bosse gaan versteek.

Bij die terugkoms van Hugo Lankreg, sê ou Marthiens : „Neef Hugo, sal jij mij dan nie aan ’n paar vijf-en-sewentig ploeg sterte kan help nie? Ik moet morre ploeg, en mij ploeg is gebreek.”

Hugo het toen die sterte gaan haal en aan die ou gegee, en daar dit al sononder was, en ou Marthiens wis dat Bokkie nie ’n trein was nie, was dit ook al tijd om te beginne, daar Vijoolkraal ’n goeie uur te perd daarvandaan was.

Daar trek ou Marthiens met die twee ploegsterter

voorop ou Bokkie, fluit, fluit die kloof op, en net toen hij die dik plek bosse bo in die kloof in was, spring Piet Voel, so swart als 'n kaffer, en met die ontsaglike lang spies daaruit, en kommandeer toen ook regte barstig, binnens monds: „Gee twak”!

Toen ou Marthiens nou so onverwags hoor praat, kijk hij natuurlik om, met die gevolg, dat hij die ploegsterter sommer daar weggegooi het, en die ou wou die karwats reg vat om Bokkie te klink, maar ongelukkig val dit ook uit sijn hand, en ondertusse kom die wrede gedaante al nader. Nou blij daar niks anders oor nie, als woel ou Bokkie maar met die hakke, maar dit help ook nie. Bokkie het baing tijd.

Ou Marthiens was toen al op die perd se nek, om tog maar weg te kom, en skop, en ruk en skree so geweldig, dat Piet Voel toen al amper uitgebars het, maar hij hou hom maar in, en trek toen so 'n slag met die stompkant van die mes oor ou Marthiens se rug!

Toen ou Marthiens nou gewaar dat hij nie kan weg kom nie, en dat die kaffer hom al met die asgaai gekwes het, toen praat hij boventoe: „Ag Heere, sal jij mij dan so onskuldig, en so koelbloedig laat vermoor?” en met die woorde glijp hij ook sommer voor van die perd se nek af, en loop dat hij so bars sonder omkijk die kloof op!

Ou Bokkie het maar blij staan, blij ook dat hij ontslage was van sijn las, en Piet Voel rol daar soos 'n dronk man in die pad rond, en skater so, dat jij hom wie weet waar kan hoor.

Toen Piet Voel, met ou Bokkie, nou bij die huis gekom het, kan 'n mens begriip hoe dat die spul weer daar gelag het, na dat alles aan hulle bekend was.

„Ja” merk Jan Lankreg op, „die ou spreekwoord is daarom maar waar: Grootpraat en broekskeur is nie 'n kuns ni.”

Die volgende morre het Piet Voel ou Bokkie opgesaal, met die doel om hom naar ou Marthiens toe te neem,

maar eer hij daar gekom het ontmoet hij die ou langs die pad om Bokkie op te seek.

Groot was die ou se blydskap, toen hij Bokkie weer gekrij het, en hij vra toen aan Piet Voel waar dat hij aan die perd gekom het?

Daarop het Piet Voel ou Marthiens 'n kluitjie vertel, meer met die doel om te hoor, wat die ou van gistraand se affêre te vertel had, en sê toen ewe onskuldig: „Ou Bokkie het gistraand te danig vervaard die werf ingekom, en ons het toen tot die gevolgtrekking gekom dat hij oom afgegooi het. Ons het toen met lanterns gaan seek, maar kon niks anders als die ploegsterte en die karwats krij nie, en daar ons nou nie oom se lijk opgetel het nie, wis ons daarom dat jij nog moes lewe.”

„Nee neef,” val ou Marthiens toen in, „hij het mij nie afgegooi nie, maar net daar, waar julle die ploegsterte gekrij het, het ik gistraand so 'n naar geluid in die bosse gehoor, en ik klim toen af om te gaan kijk, en laat ou Bokkie toen daar bij die ploegsterte staan. Nou neef wat dat die dier gewees het, wat ik daar gekrij het weet ik nie, maar net so dra hij mij sien wou hij mij bespring, maar ik het hom daar gou tot sijn plig gebring met daar die garnaatklippe. Toen die monster sien dat ik vir hom een te veel was, vlug hij in die rigting van ou Bokkie, die toen ook weer op sijn beurt die bosse ingevlug het. Na dat ik nog so 'n ruk daar in die bosse rondgedwaal het is ik maar huis toe gegaan, met die plan om die ding vandag verder te gaan deur kijk.”

„Maar,” vra Piet Voel toen weer laggerig daarop, „oom Marthiens, wat het dan van die kaffer geworde wat oom so die dood op die lijf geja het?”

„O” sê ou Marthiens, „nou begriip ik. Ik het sommer kon denk dat dit j! gewees het, maar so bijmijkool Piet Voel, als ik geweet het dat dit jij was, dan het ik jou sommer daar met die garnaatklippe doodgegooi.”

Na dat ou Marthiens nou gemerk het dat die affêre rugbaar was, het hij al sijn goed verkoop, en op Prieska gaan woon.

Die Tweede Held Van Vijool Kraal.

Op die vandisie van ou Marthinus Smit, het Vijoolkraal in die hande van seker Jan Blaas „gespeul,” en nogal vir ’n tamelike lage prijs, so dat al die mense in daardie buurt die ou geluk gewens het, dat hij Vijoolkraal vir so’n spotprijs gekoop het.

Een van die bure, echter, in die teenwoordigheid van Piet Voel, het die ou daarom eendag daar attent op gemaak, dat als dit nie was dat ou Marthiens deur sijn groot praterij, so ’n bok gemaak het nie, dan was Vijoolkraal seker nie vandag die eigendom van ’n ander nie, daar dit ’n eerste klas saaiplaas was, met nogal volop water, waarop Jan Blaas toen regte windmakerig aangemerk het: „Dit traak mij met ou Marthiens maar min. Elke man moet vir hom self sorre, en die een se dood is die ander se brood. En als ou Marthiens hom nou somer van elke lieplapper die dood op die lijf laat ja, dan kan ik dit nie help nie. Maar een ding wil ik julle daarom sê: wie dat dit nou was wat Marthiens so ’n bulbak op die lijf geja het, weet ik nie; maar was ik die aand in die ou se plek, dan sou daar seker een gehardloop het, en dit sal nie Jan Blaas gewees het nie. Dit belooft ik julle.”

Piet Voel, het mooi aandagtig geluister wat oom Jan, soos almal hom genoem het, daar gesê het, en dag toen bij homself:

„Wag ou vagebond, ik ken ook al ’n bietjie jou rolplekke, en sal jou ook binne kort op die proef stel.”

Dit was ook skaars ’n maand daarna of Piet Voel, het oom Jan bijna net so ’n bok laat maak, als vir ou Marthiens.

Vijoolkraal het suid gelê van Leokrans, en in ’n noordoostelike rigting, en omtrent ’n half uur te perd van

Leokrans, het Koos Monk, langs die pad 'n kantien gehad waar oom Jan maar regte dikwils gekom het.

Gewoonlik, als die ou dan daar kom dan laat hij sommer die kar en perde alleen voor die deur, so lank als wat hij binne blij. Piet Voel het ook regte dikwils daar gekom, nie juis om te swier nie, maar omdat hij en Koos Monk egte vriende was.

Op 'n goeie dag was Piet Voel naar Koos Monk gegaan, juis met die intensie om 'n plan te beraam, om aan oom Jan duidelik te maak dat daar 'n hemelsbreed onderskeid is tussen sê en doen.

Hij het toen aan Koos Monk gesê, dat hij al opgemerk het, dat oom Jan die gewoonte had, om die kar en perde alleen te laat, terwyl hij binne in die kantien sit, en het toen daarop die volgende voorstel gemaak :

„Morre sal ik hierna toe kom en sal mij bolijf goed swart smeer en 'n jakhalsvel kep, met kalkoen vlerk vere opgemaak, opsit, en dan daardie ou pan pistool van jou sal ik met los kruit laai, en als alles nou gereed is sal ik mij in hierdie buite kamer ophou, totdat die ou opdaag, en sodra oom Jan kom moet jij hom maar aan die gesels hou, so dat ik 'n kans kan krij om in te klim. Als ik nou eers in die kar is, sal niemand dit ooit weet nie, want jij weet mos hij is hoog rondom toe. En kijk Koos, jij moet eers wag dat ik 'n goeie endjie weg is, voor dat jij kasta sien dat die perde aan die weghol is met die kar.”

„Goed”, sê Koos Monk, „ik begriip nou alles goed, maar als oom Jan nou altemit te na aan die deur stilhou, dan sal ik 'n plan maak om die ou binne in die eetkamer te krij, en dan sal ik hard naar Adam roep, dan moet jij weet dat dit tijd is om te begin.”

Die volgende morre was Piet Voel daar, en het toen alles, volgens afspraak, in gereedheid gebring, en in die buitekamer gaan sit.

Gelukkig was daar nou nie ander mense op die werf nie als net Koos Monk en Piet Voel, want die jong, Adam, was die morre vroeg weggestuur om perde te soek. So

omtrent nege uur sleep oom Jan in, en hou toen ook net, soos Koos Monk vermoed het, vlak voor die kantien deur stil.

Oom Jan los toen ook naar gewoonte die lijsels, en stap die kantien binne.

Vriendelik het die ou toen gegroet, en gevra hoe dit nog gaan, waarop Koos toen weer antwoord: „So, soos oom sien: jonk, vol pret, glad verhaar, dik en vet,” en vra toen verder: „Maar oom Jan, jij laat sommer die lijsels los lê, sal die perde dan nou nie altemit weghol nie?”

„Nee jong” sê oom Jan, „hulle is so mak als lammers en daar moet al ’n groot ding gebeur, als hulle so iets sou aanvang.”

Koos Monk het oom Jan maar dadelik deurgeneem, naar die eetkamer toe, en een-twee-drie was die bottel in die woel en dit het ook nie lank geduur nie, of die spraaksaamheid begin.

Oom Jan vertel toen aan Koos Monk dat hij van morre op Leokrans aan gewees het, om Piet Voel te sien oor ’n paar beeste wat hij van hom wou koop, maar daar Piet Voel ongelukkig weg was dorp toe, het van die besigheid niks gekom nie.

„Maar jong,” gaat die ou voort, „ooral waar ik kom, praat die mense maar net van die geluk, wat ik gemaak het met die koop van Vijoolkraal, en almal weet te vertel dat als ou Marthiens nie so ’n groot bek—”

Maar eer dat oom Jan klaar was, staan Koos Monk op en sê: „Ekskuus tog net so ’n ogenblikkie, oom Jannie, ik wil tog net gou die jong roep.” Hij stap toen naar die venster en skree: „Adam!” en wenk toen kasta met sijn hand dat Adam moes kom. Nadat hij gaan sit het, trek oom Jan weer los: „Maar jong, ik het dit altijd gesê, en ik sê dit nog, dat als ik die aand in ou Marthiens se plek was, dan sou

„Daar gaan jou kar, oom Jan,” sê Koos Monk ewe verskrik, waarop oom Jan haastig uithol om te kijk of dit so is. Ja bijmijkool daar trek die kar!

Nou die end pad, waar die kar in was, was so ’n

gestadige opdraand van minstens drie mijl, en Piet Voel sê toen bij homself: „Ou groot bek, vandag sal ons daarom sien hoe laat is dit.”

Oom Jan het ook glad nie versuim nie, maar het dadelik voet in die wind gesit agter die kar aan.

In die agter beskot van die kar was 'n skeurtjie, waardeur Piet Voel altijd gelê en loer het. Soos hij sien dat oom Jan te na bij die kar is, dan gee hij net 'n rukkie aan die lijssels, dan loop die perde weer onder oom Jan uit, en die ou die skree maar net altijd: „Hook, Hook! Keer voor!”

Piet Voel het oom Jan 'n goeie twee mijl so laat hardloop, en net toen oom Jan na bij die kar was, spring die aklike gedaante oorend in die kar, en praat net so krom als 'n kaffer: „Hoekom jij skree Hok, Hok? van tagge jij salle barres!” en daarop ruk hij die pistool uit en los 'n skoot, met die gevolg: oom Jan been in die lug, en toen die ou daar reg kom, loop hij een kol stof uit beter als die ander, terug kantien toe.

Piet Voel het toen die hoogte oorgerij, en bij 'n kuil water, hom weer skoon gewas en aangeklee. Daar het hij toen 'n goeie ruk versuim, voordat hij terug gekeer het.

Verskrik het oom Jan bij Koos Monk aangekom, potflau, en dit het 'n hele ruk geneem, eer dat die ou kon praat, en gedurig vra Koos Monk maar: „Wat makeer oom Jannie, en waar is die kar?”

Eindelik begin oom Jan, onder 'n hoesbui: „Ag jong, jij vra nog waar is die kar? Die is naar sijn peet toe, 'n kaffer het hom! O! mijn wereld, hoe het ik geskrik!” Dan haal die ou weer so 'n slag diep asem, om meer lug te krij, en die sweet tap hom so geweldig af, dat 'n mens sou sê, die ou het met klere en al geswem.

„Maar,” val Koos Monk weer in, nadat die hoes so 'n bietjie bedaar het, „hoe het oom dan gemaak, dat die kaffer nou die kar het?”

„Ik het niks gemaak nie,” antwoord oom Jan, ook maar tamelik nukkerig, „die verhekte kaffer was al die

tijd in die kar, en ik het dit nie geweet nie. Ag jong," las die ou sommer in, „gee mij tog 'n bietjie water, ik is dood van die dors."

Koos Monk vra toen of oom Jan nie liewers 'n bietjie wijn wil hê nie?

„Nee," sê die ou, „dis die ellendige wijn wat mij in die vreeslike moeilikheid gedompel het. Nee, gee maar water, ik het klaar met die wijn."

„En," vra Koos Monk toen daarop, nadat om Jan die water gedrink het, „wat het dan eindelijk gebeur?"

„Jong," begin die ou, „so lang als ik hier vanmorre bij jou gesit het, het die vuilgoed van 'n kaffer in mijn kar geklim; en wat jij toen gedenk het, dat die perde aan die weghol was, was glad nie so nie, nee, dit was maar altijd die vagebond wat plat in die kar gelê het, en daarmee weggerij het. Ik het mij amper mors dood geloop om die kar te vang, en het maar altijd Hook geskree, dat die perde moes gaan staan, en daar bo teen die bult, het ik so na aan die kar gekom, dat ik hom amper had, en net toen ik mijn hand uitsteek om aan die karê te vat, spring die nare gedaante oorend, en Koos, so het ik nog nooit in mij lewe geskrik nie, want ik het mos ook nie so iets verwag nie. Dit was die wreedste gevreet, wat ik nog ooit gesien het. Twee oge so wit soos albasters, en 'n bek soos 'n krokkedel, en dit het mij gelijk, alsof hij 'n volstruis mannetje ook nog op sijn kop vas had, en het die ding so krom gepraat, dat ik hom bijna nie kon verstaan nie. Maar dit onthou ik tog, dat hij gesê het: vandag sal jij bars, waarop hij 'n roer uitgepluk het, en mij so 'n skram skoot oor mijn harspan geplijster het. Natuurlik kan jij begriip die slag van die roer het mij onderstebo geruk, en toen ik daar reggekom het was daar glad nie 'n ander plan nie, als laat vat maar, want wat sou dit vir mij gebaat het om met die wreedard ongewapend te gaan spook. Nee," hervat oom Jan verder, „dit lijk vir mij dis maar alles leuns wat hulle mij van ou Marthiens vertel het, dis maar dieselfde kaffer wat hom ook aangeval het, en

maar nog altijd hier in die buurte ronddwaal; en ik gaan mijn lewe ook nie langer in die weegskaal stel nie, die eerste die beste gelegenheid wat ik krij, sal ik Vijoalkraal maar weer verkoop, want dit lijk vir mij daar rus 'n vloek op."

Ondertusse het Piet Voel ook aangekom en voor die deur stil gehou.

Oom Jan was glad verslage om sijn kar en perde weer te sien, wat hij al aan die noodlot prijs gegee het, en nie meer die minste gedagte gehad het om ooit weer te krij nie.

„Waar,” vra die ou ewe droefgeestig, „krij jij hulle Pieta? Ik dog jij was dorp toe, en nou kom jij hier onverwags met mijn kar en perde aan, wat ik als verlore beskou het? Vertel tog vir oom Jannie hoe dat dit in jou besit gekom het?”

„O, oom,” antwoord Piet Voel, „mijn plan was vanmorre dorp toe, maar ik het dit toen verander, want 'n paar van mijn beeste is soek geraak, en daar mijn reis naar die dorp nie so dringend was nie, het ik maar die beesies gaan soek, wat ik ook gelukkig weer gekrij het, en net daar anderkant teen die bult, kom ik op oom se kar en perde af, en daar die nou in besit van 'n kaffer was, het ik dadelik onraad gemerk, en die kaffer gestop.”

„En,” val oom Jan in sijn rede, „jong het hij nie geskiet nie?”

„Ja oom, maar dis maar 'n eenloop pistool, en daar hij mis geskiet het, en nie weer tijd had om te laai nie, het hij die spat geneem, en daar dit vrugteloos was hom agterna te sit, het ik maar die kar en perde gevat, en daar het oom hulle nou weer.”

„Baing dankie, beste Pieta,” sê oom Jan, „dis maar al te jammer, dat jij die kaffer ook nie gevang het nie, want dieselfde ding sal tog maar een van die dage weer gebeur. Nee kerels,” vervolg die ou verder, „mijn planne het ik nou agter makkaar, wat dat die mense nou ook al van so 'n handelwijse mag sê, maar morre gaan ik dorp toe, en sal mijn hele affêre in die hande van 'n prokureur stel, en

binne kort sal Vijoolkraal weer in die mark wees. Hiersal ik nie blij nie, al wil julle mij ook dadels gee," en daarop rij oom Jan vort.

Nadat Koos Monk en Piet Voel nou lekker gelag en gesels het oor die spulletjie, wou Koos Monk hê, dat hulle oom Jan maar uit die droom moes help, maar Piet Voel wou daar glad nie van hoor nie. „Want," sê hij, „net so seker als twee maal twee vier is, sal oom Jan gaan klage, en dan verloor ons tog seker die saak. Nee," vervolg hij verder, „laat die ou maar staan, ik wou hom maar net gewijs het, dat sê en doen twee aparte dinge is."

Kort daarna was Vijoolkraal weer in die mark, en van Jan Blaas en die kaffer het hulle nooit weer iets verneem nie.

EERLIKHEID BELOOND.

Dit was in die dage van die onvergételike oorlog, dat vier man, Jan Klem, Piet Hofman, Karl Venter, en Koos Pieters, behorende tot 'n Rustenburgse Kommando, een morre op bevel van hulle Veldkornet, naar 'n rantjie in die distrik van Pretoria gestuur werd, waar die kommando hom destijds bevande het. Ewe versigtig het hulle die rant opgeklim, om vandaar die wereld goed te beskou. Net vlak bo op die rant ontmoet hulle 'n ou hotnot, „Outa” geheet. Al vier die kerels het hom goed geken, hij was 'n degelike, vertroubaar ou skepsel. Op 'n vraag van Karl Venter wat Outa daar soek, was die antwoord :—„Basies, mijn baas het mij gister agtermiddag, van die lager af, met 'n boodschap naar ou baas Johannes Goedhals gestuur, en net toen ik nou haas vandaar weer sou vertrek, toen sien ons 'n end anderkant die huis, tegen die bult af, 'n skotskar kom, en daar was Engelse bij, en toen het ik maar so hard als mogelijk, laat trap hier na toe, om te sien wat die plan van die Khakies was. Nou, sien basies daardie kliphuisie daar oorkant tegen die bult? Nou net tot daar het die kar gekom en stil gehou, en toen het hulle 'n kis afgehaal, en in die huisie ingedra, en ik kan julle vertel, hulle was ses bijmakaar, en dit het net steun-steun gegaan.”

„Maar Outa” val Jan Klem in, „dit was seker 'n lijk, wat hulle daar gaan begrawe het.”

„Ja basie,” las Outa weer in, „daarvoor wil ik nie strij nie, maar dan moet dit daarom 'n swaar man gewees het, want hulle moes net vas vat. En” vervolg Outa „soos basies sien, dis omtrent ses honderd tree so'entoe, en 'n mens kan nou so ver nie so danig goed sien nie, en mij oge is nie meer wat dit was nie, maar ik sou sê die ding was

'n bietjie te kort vir 'n doodkis." En net met die laaste woorde sak Outa inmekaar, dood op die grond deur 'n kogel van die vijand.

Die vier kerels het toen haastig posisie ingeneem, want hulle was deur 'n oorgrote oormag afgekeer en nie-teenstaande dat hulle, hulle dapper verdedig het, was hulle tog genoodsaak om oor te gee.

Van daar word die vier man eers naar Pretoria, en toen weer naar Durban vervoer, en toen weer later van daar, per transportskip, naar Ceylon.

In Diyatalawa krijsgevangene kamp had ons vier vriende nou die treurige voorreg om twee jaar deur te bring, en natuurlik sal die leser begryp dat hulle maar altyd die geskiedenis van die kis op die brein had. Daar het hulle toen eendag op die speelgrond, 'n privaat bijeenkoms gehou, om die saak van die kis vir die laaste maal te bespreek. Maar hulle kon maar nie vorder nie, omdat Jan Klem en Piet Hofman met 'n groot maat van afguns besied was, en graag, als daar iets te haal was, dit vir hulle alleen wou hê, nie-teenstaande dat Karl Venter en Koos Pieters van oordeel was, dat, daar die geheim nou aan vier behoort en dat dit dus nie meer als reg en billik sou wees, dat almal daarin geljkop moet deel. Maar die ander twee was van oordeel, vele varke maak 'n dunne spoeling, en daarbij het dit geblij.

Jan en Piet het hulle *daarop* gespits dat hulle woning in Suid Afrika ver weg nader aan die plaas van die „Kisgeskiedenis" was, als die van Karl en Koos, en dit was ook al iets om mee rekening te hou.

Op 6 Desember 1902 het ons vier vriende van Colombo per transportskip „Ortona" vertrek naar Simonsbaai, om vandaar per spoor naar hulle respektiewe woninge vervoer te worde. Einde Desember was almal thuis, en geen een van die twee partije het gras onder hulle voete laat groei nie, om van die informasie deur Outa verstrekk gebruik te maak nie, want om sewe uur die aand van die sesde Januarie 1903, was Jan Klem en Piet Hofman, met

kar en perde, reeds bij die kliphuisie, om met die ondersoek 'n aanvang te maak, en daar die donderweer nou so dreigend was, het hulle besluit om nie uit te span nie, en sommer die perde op 'n manier vas gemaak. Die pik en graaf word nou van die kar gehaal en hulle stap die huisie binne.

Dit was 'n ou klipgeboutjie van twee vertrekke, albij 10 bij 12 voet groot, met elk een 'n plek vir 'n deur en 'n venster—die een deur en venster aan die voor—en die ander aan die agterkant. Soos jij nou bij die voordeur inkom, dan bevind jij jou in die kombuis en eetkamer te gelijk, en van daar deur 'n binne deur, kom jij in die slaap vertrek.

Die dak was heeltemaal af, met uitsondering van twee plate, wat nog teen die slaapkamer géwél oorgebly het.

Dit was juis in die slaapvertrek waar Piet en Jan met hulle werk begonne was, en hulle was ook nie alte lank besig nie, of Jan steek met sijn graaf op 'n vreemde voorwerp: „Ik het hom Pieter”, skree hij, „dis net soos arm oorlede Outa gesê het; dit sal maar seker 'n kis met geld wees, want die Engelse sal mos nie 'n *lijk* so ver rij nie.

„En,” vervolg hij verder, „dis maar alte jammer dat arm Outa nou nie meer lewe nie, anders kon hij ook in ons geluk gedeel het,”—maar met eens skiet daar so 'n straal ketting-blits deur die ou geboutjie, vergeseld deur 'n sware-weer slag so verskrikkelik, dat Jan en Piet altwee been in die lug lê. Die perde het ook los geruk en laat vat so hard hulle kon, en daar kom die reen soos jij dit nou met tien duisend emmers van die lug afgooi, en die blits-strale en die sware-weer slage blij net een streep deur aanmakaar. Die werk word nou gestaak en die twee vriende neem, so goed die gelegenheid dit toegelaat het, skuil onder die stukkie dak. So 'n ruk daarna het die regen so effe bedaar en Jan en Piet het weer 'n aanvang met hulle werk gemaak, maar die weer het hulle

nie alte veel kans gegee nie. Die hele nag was hulle besig, maar gelukkig so teen dagbreek had hulle die voorwerp van hulle verlange bij hulle onder die stukkie dak in!

„Ag hemel,” sê Jan, „nou is ik so moeg soos ’n hond,” „en so nat als ’n kat” las Piet in, en vervolg toen verder: „Wat sal tog die beloning daarvoor wees?”

„Jij weet Piet,” val Jan weer in, „die kis is daarom nie so swaar soos Outa gesê het nie, of dit moet papier geld wees.”

„Goud of papier,” voeg Piet weer bij, „dit maak nie ’n saak nie, als daar maar net genoeg van in is, en wat sal Karl en Koos nou eendag sê als hulle hier kom, en tot hulle grootste teleurstelling moet uitvinde, dat die vroege vogel met die wurm weg is,” en daarop steek hij die punt van sijn pik in om die deksel af te haal. Maar sakraloot wat ’n teleurstelling—dit was ’n lijk!

Ewe verontwaardig sê Jan: „Kom laat ons maar die kar en perde gaan soek; goeie weet waar ons vandag dit nog moet gaan krij” en vervolg hij nog verder, so boos als ’n leo: „Mij oorlede vader het altijd gesê, dat jij jou nooit op die gesegde van ’n boesman moet verlaat nie, want die goed lieg nog erger als ’n soldaat.”

Te danig terneergedruk het hulle in die rigting van die woning van meneer Johannes Goedhals gestap om te gaan verneem of hulle nie altemit iets van die kar en perde gewaar het nie.

Die ander twee vriende, Karl Venter en Koos Pieters, het ook so gou als die omstandighede dit toegelaat het, vertrek om die kis ekspedisie te onderneem.

Op dieselfde datum, die sesde Januarie, is hulle bij meneer Johannes Goedhals aangekom, met die doel om eers van hom verlof te krij, want die geboutjie het op sijn grond gestaan. Kort voor dat die storm, waarvan ons geskrewe het, losgebreek het, was hulle bij meneer Goedhals aangekom. Hij was ’n liewe goeie ou siel, en het toen dadelik nadat die kar in die wagenhuis en die perde

in die stal besorre was, die twee vriende naar die huis genooi. Na die aand ete het hulle toen aan oom Johannes, soos hulle hom genoem het, want hulle was goed bekend, die doel van hulle koms meegedeel. Karl sê toen dat hulle uit goeie bronne verneem het, dat die Engelse gedurende die oorlog, hier in die veld, geld begrawe het, en vra toen of oom Johannes, nie sou omgee als hulle daarnaar gaan soek nie? waarop om Johannes ewe blijmoedig geantwoord het: „Met alle liefde neefs, net waar julle wil, en ik wil maar hoop dat julle dit mag vinde, want mijne is dit nie. Maar wag,” vervolg hij verder ewe verskrik, „hier val mij nog 'n ding te binne. Op die 24ste Oktober 1900.” („die dag van ons gevangeneming” val Karl en Koos te gelijk in)—„Nou Ja,” vervat oom Johannes, „was Outa hier, julle ken hom seker?”

„O Ja,” antwoord altwee, „en,” voeg Piet toen bij, „die selfde morre wat ons gevang werd is hij gesneuweld.”

„Ja,” val oom Johannes in „sijn baas het die lijk daar gekrij en uit respek, omdat dit so 'n degelike ou skepsel was, nog hier bij mij 'n kis kom maak, en die lijk toen daarbo in die ou klipgeboutje begrawe. Maar neefs,” vervat oom Johannes verder, „die selfde dag is hier 'n skotskar virbij, en daar was Khakies bij, en op die kar was 'n ding nes 'n brandkas, maar waar hulle naar toe gegaan het weet ik nie, en nou val die gehele geskiedenis mij weer bij: Dit kan altemit die brandkas van ou meneer De Jager wees. Julle weet dit is in die oorlog uit zijn huis gesteel, en daar was vier duisend pond aan kontant, en 'n hele boel kostbare dokumente in. Nou het die ou 'n kennisgeving gepubliseer. Hier is dit, julle kan self lees.” En daarop gee hij hulle toen 'n koerant met die volgende kennisgeving:

„VERLOREN,

Uit mijn woning gedurende den oorlog een brandkast (Chubbs) inhoudende plus minus vier duizend pond stg. en een groot hoeveelheid kostbare documenten. De vinder

kan bij terugbezorging van genoemde dokumenten het geld als beloning daarvoor houden. (get.) JONH DE JAGER.”

Daarop het die geselskap gaan slaap en vroeg die volgende morre, daar die weer helemaal oor was, het Karl en Koos met ’n segenwens van oom Johannes vertrek. Kort duskant die klipgeboutjie, sien hulle twee mans tevoet aankom, die bij nader ondersoek, blyk niemand anders te wees als Jan Klem en Piet Hofman. Na dat hulle gegroet het, vra Koos: „Waar gaat dit so vroeg heen kerels?” Ewe skamerig antwoord Piet: „Ons perde het gistraand weggehol, en nou is ons op soek. Het julle hulle nie altemit gewaar nie?” „Nee,” antwoord Karl, en net bij toeval, met die rondkijk sien hulle die kar en perde nie verdaarvan staan nie. „Daar staan hulle,” roep Koos uit. Die tweetjies het toen ook maar dag gesê, en gelukkig daar die kar nie gebreek het nie was hulle maar gou uit die voete.

Karl en Koos het toen bij die kliphuisie uitgespan, om met die werk ’n aanvang te maak. Net toen hulle nou die slaapvertrek binne stap, toen was die hele gebeurtenis met Jan en Piet vir hulle so klaar soos daglig, en niesteenstaande dat hulle ’n innige respek vir die stoflike oorskot van Outa gehad het, kon hulle tog daarom nie hulle lag onderdruk nie.

„Jij weet, Karl,” begin Koos, „dit lijk vir mij, hulle was die hele nag besig om Outa op te grawe, kijk hoe dat hulle klij getrap het daar in die hoek, en hulle gereedskap het hulle nog op die koop agtergelaat,”

„Ja” val Koos weer in, „dit is glo bedoel vir ’n laaste geskenk aan Outa vir die informasie wat hij aan hulle verstrekt het.” En daarop het altwee geskater van die lag.

Mooi sorgvuldig het hulle Outa weer begrawe, en toen het hulle die huisie geïnspekteer.

„Jij weet Koos” sê Karl, „ons moet perbeer om te kijk of daar nie altemit merke op die mure is nie, want dat hier nou ’n ander voorwerp, buiten die van Outa, begrawe lê, is seker,” en daarop begin hulle die mure te inspekteer. Karl in die slaap- en Koos in die eetvertrek,

en ook nie al te lank daarna nie, roep Koos uit: „Karl kom hierna toe, hier is 'n pijl op die klip getrek.” Karl kijk toen: „Ja waarlik,” sê hij „dit is so; nou moet ons net die rigting, wat die pijl aanwijs, volg om te sien of daar nie meer is nie.” En werklik, daar was 'n tweede en 'n derde pijl, in die rigting van die eetkamer venster, en vlak bokant die venster, wijs die pijl regaf.

„Nou sal ons net hier 'n gat maak” sê Karl.

„Nee wag eers,” laat Koos volg, „ik sien nie 'n pijl onderkant die vensterbank nie, laat ons eers in die buitekant gaan kijk, moelik is die informasie daar beter.”

En so was dit ook, want vlak onderkant die vensterbank, wijs nog 'n pijl regaf, en op die fondamentklip was 'n ander pijl getrek, 'n reghoekige rigting van die huis af aantoonende, met dit daar bij: „10 yds.”

„So,” sê Karl, „nou moet ons net tien tree hier van daan af 'n gat maak in die rigting wat die pijl aanwijs.” En nadat hulle die aangegeewe distansie uitgewerk het, kom hulle ook op 'n graf! Koos sê toen: „Dit lijk vir mij ons is ook gefop, maar dit kan daarom nie Outa se lijk wees nie; laat ons maar begin.”

Die graf word nou oopgemaak, en hemel! wat 'n gewaarwording! Dit was regtig 'n brandkas. Die brandkas word nou behoorlik oopgemaak, en tot hulle grootste blijdschap, krij hulle aan die knop vasgemaak, 'n blikkie, en daarin dik met vet besmeer, die sleutels.

Een-twee-drie had hulle die kas oop. Vier duisend twee honderd pond aan kontant word nou uitgehaal, en die dokumente was nog helemaal in goeie orde, die ook tot grote vreugde van die eienaar aan hom met die brandkas besorre werd. En na dat oom Johannes met groot moeite 'n geskenk van 'n honderd pond geneem het, is Koos en Karl met blijmoedige harte naar huis teruggekeer.

Jan en Piet het tot hulle grote teleurstelling van die geluk van Koos en Karl gehoor, en als iemand dit nou daarna gewage het, om in hulle teenwoordigheid van Outa te praat, dan moes hij hardloop als hij nie kon baklij nie.

Die wonderlike leiding Gods.

Die verhaal wat ons nou hier wil te boek stel, had sijn oorsprong op die plaas Leliedal in die distrik W., Kaapkolonie.

Was die naam Leliedal, skoonklinkend, die plaas self was niks minder behoorlik nie,—daar dit aan die voet van 'n hoge berg gelê het, en dit dik begroei was met vrugte en ander bome, uit die midde waarvan 'n pragtig geboude woning gepriek het.

Was die gebou nou van buite sierlik, daarbinne was dit nie minder aantreklik nie : met sijn tien, twaalf netjies gemeubileerde vertrekke, was dit vir die besoeker 'n verrukking om die prag en praal die daar ten toon gesprei werd in oeskou te neem.

Leliedal was die eigendom van meneer Andries Cilliers, wat hij als huweliks geskenk van sijn vader, enige weke gelede, in besit geneem het.

Hij was pas getroud, en het dadelik na die feestelikhede, met sijn vroukje intrek geneem in sijn nuwe bekoorlike woning.

Dit was in die hartjie van die winter, en die aand, waarvan ons hier skrijwe, het daar 'n vreeslike storm gewoed.

Dit was bitter koud, en terwyl die verskriklike storm wind daarbuite skijn 'n vermaak daarin te neem om die massiewe bome heen en weer te slinger ; en die plasreen neerdaal, als of jij dit met emmers van die hemel afgooi, was dit daarbinne heel anders gesteld.

Daar sit meneer Cilliers, en sijn gade, in die eetkamer voor 'n kaggel, terwyl daar 'n heerlike vuur in brande.

Mevr. Cilliers was nog jonk, pas twintig jaar, maar

was nie te min 'n teere gristen. Haar skoon en onskuldig voorkoms het jou onwillekeurig daaraan laat denk, dat sij vir iets hogers bestemd was.

Hij, daarteen, was helemaal anders gesind. Die wereld sou hom 'n fatsoenlike man genoem het, daar hij hom nooit aan ongewone buitensporighede skuldig gemaak het nie. Tog was hij 'n wereldling. Zijn voorkoms was stuurs, en in die omgang met zijn bure, en vreemde vooral, was hij regte onvriendelik.

Terwijl die tweetjies daar nou so aangenaam voor die vuur sit, het mevr. Cilliers haar so gedraai, dat sij haar hoof op die bors van haar man kon neervlei, en daar hij haar met zijn regter arm ondersteun, kon sij gemaklik in zijn, voor haar, lieflike oge kijk. Want sij had hom innig lief.

Met eens hoor jij haar praat: „Ag hartjie hoeveel dankbaarheid is ons tog aan die Algoede God verskuldig. Als ons in aanmerking neem, dat ons niks bij die Heere verdien het nie, en ook maar sondaars is nes al die ander mense, en tog nog bowenop bo so vele duisende bevoorreg is. Terwijl ons hier heerlik en warm, in 'n groot huis alleen verkeer, en nog, als dit sou nodig wees, plek het vir minstens 'n twintig mense, kan dit altemit wees dat daarbuite in die nare en stormagtige nag, mense moet ronddool, sonder herberg. Sulke omstandighede, al is dit nou nie juis van toepassing hier nie, laat mij altijd denk aan die ou bekende Gesang versie:

„Ruwe stormen mogen woeden,
 Alles om mij heen zij nacht;
 God, mijn God zal mij behoeden;
 God houdt voor mijn heil de wacht.
 Moet ik lang Zijn hulp verbeiden,
 Zijne liefde blijft mij leiden:
 Door een' nacht, hoe zwart, hoe digt,
 Voert Hij mij in 't eeuwig licht.”

Onderwijl dat sij so met haar man sit te praat, word daar aan die deur geklop, en daar dit al laat was, kon hulle

dit amper nie glo nie, maar andermaal word die klop weer verneem, dog 'n weinig harder. Meneer Cilliers staan toen op, om te gaan kijk, en toen hij die deur oopmaak, sien hij, met behulp van die lig, wat bij die deur uitstraal, 'n veerwagentjie met ag perde met hulle koppe almal naar die aarde geneig, als teken, sou 'n mens amper sê, van dankbaarheid vir die tijdelike skuiling onder die groot bome.

Vlak voor die deur staan 'n man deur en deur nat, en na dat hij gegroet het, vra hij beleef dog dringend, aan meneer Cilliers, om tog asseblief vir die nag vir hom en sijn mense 'n skuiling onder dak te gee, daar dit tog onmogelik was om in so 'n storm voort te gaan.

Dadelik het die vreemdeling bespeur, dat Cilliers maar nie alte ingenome was nie met sijn versoek en voeg toen nog verder daarbij: „Meneer Cilliers moet tog nie altemit denk dat ons rondlopers is nie, maar ons is op 'n lange reis uit die Onderveld naar die Paarl. Ons wil ook niks verniet hê nie, en sal met alle bereidwilligheid betaal, als ons mag oorblij vir die nag, al was dit net in die wagenhuis.”

Seer barstig laat Cilliers hom hoor:—

„Ik het nie plek nie en daarom kan jij nie hier uitspan nie; en wat nog meer is, jij moet dadelik rij, en glad nie eens op mijn grond uitspan nie. Daar is die pad! Trek!”

En daarop slaan hij die deur dig, in die gesig van die vreemdeling en gaan naar binne.

Bij sijn binne koms het sijn vroukje aan hom gevra, wie daar was, en of die mense afkom; daar sijn al besig was om die tafel te dek, om vir die vermoeide reisigers iets te ete voor te sit.

„Nee” antwoord hij, „wie dit is weet ik nie, maar ik het hulle gesê, dat ons nie so laat mense kan ontvang nie, en dat hulle maar moet verder gaan.”

Mevr. Cilliers was regte verontwaardig oor die handelwijze van haar man, en terwijl sijn met 'n sug weer

netjies die tafeldoek opvou en neerlê, sê sif vir hom : „Maar Andries, is dit dan mogelijk, dat jij in so 'n weer, mense soos 'n hond, van jou deur af kan wegja? Weet jij nie dat die Heere gesê het, dat jij die herbergsaamheid nie moet vergeet nie? En denk tog nog verder, wat ons saai, sal ons seker eendag moet maai. Vergelijk tog ons voorregte met die van die vreemdeling wat jij so ongristelik behandel het.” En daar haar gemoed te vol was om verder te praat, bars sif in trane uit.

Hij daarteen was glad nie bewoge nie en sê nog in sijn onverskilligheid : „Als die Heere mij bo ander mense bevoorreg het, dan traak dit mij ook nie, elk een vir homself, en God vir ons almal,” en daarop stap hij die slaapkamer in.

Met die vreemdeling daarbuite het dit, so als kan verwag worde, aller treurigs afgeloop. Hij het maar aangerij, en omtrent 'n mijl van die huis af, het hij in 'n moddersloot te lande gekom, waar die wagentjie vasgeval het, en met die op en af slinger van die diere om die wa uit te trek, het die disselboom afgebreek, en so moes hulle die onvergêtelike nag daar deurbring.

Die volgende morre, toen dit lig geworde het, het die onbekende, die gebroke deel van sijn wagentjie, so goed hij kon, herstel en voort gegaan. Meneer Cilliers het niks verder van hom verneem nie.

Kort daarna werd mevr. Cilliers deur die dood van haar man geskeie.

Op haar sterfbed het sif hom ernstig vermaan, om 'n ander weg in te slaan, en sijn hart aan die Heere te gee, so dat hulle eendag weer makkaar mag ontmoet in die geweste van geluksaligheid. En met die woorde van haar geliefkoosde gesang :—

„Ruwe stormen mogen woeden” ens.,

is sif soet en salig in haar Heer en Verlosser ontslope.

Dat nou die dood van mevr. Cilliers 'n diepe indruk op haar man gemaak het, sou nie 'n onjuiste ver-

onderstelling gewees het nie. Ja, so ernstig was dit, dat hij kort daarna, op 'n eensaam en afgesonderde plekkie op sijn plaats, hom onvoorwaardelik aan die Heere oor-gegee het.

Die onmiddelijke verandering in sijn lewe, deur sijn bekering veroorsaak, was so opmerklik dat iedereen die hom geken het, dit kon bespeur.

Hier was die leo in 'n lam, en die onvriendelike self-sugtige in 'n nederige en vriendelike verander.

Die skrywer van die verhaal het die voorreg gehad, als jongeling, meneer Cilliers persoonlik te ken, en hij herinner hom nog hoe vol liefde dat die man was. Als hij nou oor die hemel, en die heerlijkheid daarbowe gepraat het, dan fonkel daar so 'n liefde gloed in sijn ge-laas, dat dit onwillekeurig bij jou 'n verlange opwek, om ook soos Paulus te sê: „ontbonde te wees,” en dan ook maar daar te wees waar 'n mens vir altoos ontslage is van die ramp en tegenspoed, waarmee jij so dikwils in *die* lewe te kampe het.

Ettelike jare na die dood van meneer Cilliers se vrou, het sijn gesondheid hom begêwe, en na verskeie dokters geraadpleeg te hê, moes hij op voorskrif van hulle, 'n reis onderneem, daar hulle van oordeel was, dat 'n gedurige afwisseling, en verandering van lug, 'n bevredigende uitwerking op sijn gesondheid sou hê.

Daar meneer Cilliers van 'n lewendige natuur was, het hij besluit om maar 'n togrijerij aan die gang te sit. Nie om daar juis munt uit te slaan nie, want hij had dit nie nodig nie, maar meer om iets te hê waarmee hij hom kon besig hou.

So was dit dat hij hom op een van sijn togte in die distrik van Beaufort West bevinde het. Dit was die jaar maar verskrikkelik droog; daar was bijna niks te vreet vir die diere nie, en van voer was daar glad nie eens sprake nie.

Een dag terwyl hij hom op so 'n geskotige afdraand, met sijn wa met muile bespan bevinde, sien hij daaronder

op die plaas waar sijn plan naar toe was, 'n groot plaat brakbosse. 'n Brakbos besit nie juis groot voedings kragte nie, maar daar hij wonderlik tegen droogte kan staan, en altijd groen blij, sal hij, al sou jij nou niks anders kan krij nie, daarom nie jou diere van honger laat vrek nie.

Met sijn oog op die plaat bosse, het Cilliers hom klaar gemaak, om sodra hij op die plaas kom aan die eigenaar verlot te vra, om sijn muile daar te laat wei'e.

Met sijn aankoms op die plaas het Cilliers dadelik opgemerk dat dit 'n rijk man moes wees wat daar woon, want die orde en skoonheid wat in alle opsigte te bespeur was, was voldoende bewijs daarvoor.

Pas het hij stilgehou of die eigenaar van die plaas, Jacob Zekerhave (want so het hij geheet) stap hom tege moet. Die man was die goedheid self, en was bemind deur almal wat hom geken het.

Na dat Cilliers gegroet het, vra hij ook sommer (want waar die hart van vol is spreek die mond) of meneer Zekerhave hom nie asseblief sal permitteer, om sijn muile daar in die plaat brak bosse te laat wei nie.

Zekerhave het Cilliers so opmerkzaam beskou dat 'n mens kon gedenk het, dat hij hom al van te vore gesien het, maar daar hij nie aanmerkings in die rigting gemaak het nie, moes die gedagte verval.

Van die versoek van Cilliers wou hij glad niks hoor nie, en sê toen ook op 'n laggende toon: „Wat! brakbosse? Nee meneer Cilliers, kom maar huistoe”. En daarop gee hij die volgende bevel aan sijn volk:—

„Span nou gou die baas se muile uit, en lei hul degelik koud, en als julle hulle water gegee het, sit hulle dan in die stal, en gee hulle dan 'n goeie koren en kaf voer. En,” vervolg hij verder, „maar volkies, moet nou nie altemit die eerste slag te veel koren gee nie, want dan kan ons mogelijk die baas se muiltjies siek maak, maar naarmate hulle nou gewoont word, kan ons altijd meer gee”.

Cilliers het hom bijna dood geskrik, toen hij hoor van koren en kaf, en vra toen waar van daan meneer

Zekerhave, so iets, in so 'n droge tijd kon haal, waarop hij tot antwoord krij: „Ag, meneer Cilliers, bekommer jou daar tog maar nie oor nie. Ik het 'n bisonder goeie koren oes gehad: genoeg vir mijn eige gebruik en nog oorfloed vir vreemdelinge. En” gaan hij verder voort „daarom wil ik nou nie hê dat jij altemit moet denk, dat ik mijself ontriewe nie. Nee, want ik beskou dit 'n genot, om aan 'n ander te gee, wat die Heere aan mij gegee het.”

Die volgende dag wou Cilliers, so als sijn gewoonte was, weer vertrek, maar Zekerhave wou daar nie van hoor nie, want sê hij:

„Jou esels is mager en moeg, en op 'n ander plek sal jij naar alle waarskijnlikheid nie die gelegenheid hê, om hulle weer 'n bietjie lewe in te sit, soos hier nie, en te meer nog daar jij gesê het, dat jij vir jou gesondheid rond reis, sien ik glad nie wat jou haas kan wees nie. Nee, meneer Cilliers,” hervat hij verder, „Agdage op sijn minste moet jij bij mij deurbring”.

Hoe dat Cilliers ook al tege gekap het, op die ou end moes hij ingee.

Gedurende die ag daagse verblijf, het Zekerhave gesorre, dat die esels drie maal per dag 'n goeie koren voer gekrij het, en dat Cilliers met al sijn volk met die grootste gasvrijheid behandel geworde het.

Die laaste dag het aangebreek en die volgende morre vroeg, om vier uur, sou Cilliers vertrek.

Die lug was die gehele dag betrokke gewees, en teen die aand bars daar 'n storm los. Dit was so verskrikkelijk, dat almal gevrees het dat dit die dakke van die huise sou afruk, terwijl die regen in strome neerval.

Dit was juis winter. en daar dit bitter koud was, sit Cilliers en Zekerhave, lekker voor 'n groot vuur, wat in die kaggel in die eetkamer brand.

Celliers het al afscheid geneem van mevr. Zekerhave, en die kinders, die ook almal al naar bed was, want morre sou hij nie die gelegenheid hê om hulle te groet nie, want hij wou vroeg rij.

Terwyl die outjies so lekker en alleen daar voor die vuur sit, en die vreeslike orkaan daar buite woed, kan 'n mens begryp dat Cilliers onwillekeurig moes gedenk het aan die storm dertig jaar gelede op Leliedal. En dit was ook werklik so.

Letterlik het hom voor die gees gekom sijn wrede behandeling aan die vreemdeling, en die ernstige waarskuwende stem van sijn vrou tjie. Nog was dit als of haar woorde in sijn ore klink: „Vergeet die herbergsaamheid nie, en wat ons saai sal ons maai.”

Toen was dit dat hij inwendig gebid het min of meer op die volgende wyse: „O mijn God, hoe genadig sijt gij tog, als ik moes behandel worde ooreenkomstig mijn handelwijse, met betrekking tot die vreemdeling, dertig jaar gelede, dan was mijn plaas daarbuite in die storm, als 'n weggejaagde,” en daar verneem hij die lieflike stem van die Heilige Gees: „Uwe wegen zijn niet mijne wegen.”

Lank daarna het die tweekies nog lekker gesit en gesels, en daar die gesprekke mees al geloop het oor die geluksaligheid daarbowe, en die heerlijkheid die ons wag aan gindse sij van die graf, het die tijd gouwer omgegaan als hulle vermoed het, want tot hulle grootste verbasing was dit reeds drie uur in die morre.

Die bijbel word geopen en die gewone oggend godsdiens word gehou, en na dat hulle ernstig gebede het, sou hul haas afskeid van makaar neem, daar die volk ook al besig was die muile in te span.

Die storm was voorbij, en die lug heerlijk skoon.

Toen die wa ingespan was, stap Cilliers naar Zekerhave met betraande oge en sê: „Meneer Zekerhave, ik wil nou nie groot praat nie, God verhoed dit, maar ik wil in alle nederigheid net dit sê, dat ik ook so als die wereld sê, 'n welgestelde man is, en wil, met alle bereidwilligheid, betaal vir al die liefdevolle weldade deur jou aan mij bewese.” En dit was werklik van harte gemeen, al sou Zekerhave hom nou 'n duisend pond gevra het, dan sou hij nie 'n woord tége gepraat het nie.

Daarop vat Zekerhave hom bij die hand en sê: „Nee' mijn broer, dit kos niks! Maar ik wil jou net attent maak op iets, nie om jou te verwijt nie, maar om jou in alle liefde te vermaan: Mag daar ooit weer een dag bij jou 'n vreemdeling kom, so als dit mijn lot was dertig jaar gelede, in die onvergételike stormagtige nag, gehoorsaam dan die bevel des Heeren: Vergeet die herbergsaamheid nie!”

Cilliers, met sijn hoof naar die aarde geboge, terwyl die trane hom oor die wange stroom, herinner nogmaals die gesegde van sijn liewe vroultjie: „Wat ons saai sal ons maai!”

Hier moes hij die wrange vrugte pluk van 'n boom, deur hom dertig jaar gelede geplant, en terwyl hij snik soos 'n kind, bedank hij Zekerhave in korte bewoording vir al sijn liefde. Daarop het hul afskeid van makkaar geneem, soos kinders van die Heer dit alleen kan doen.

Zekerhave het in diep gepeins op die stoep blij staan, om die wa nog gade te slaan, terwyl dit van die werf af wegrol, en daar dit stil was verneem hij 'n rukkie daarna, te midde van die gedruis van die wa, daar in die vlakke die weergalmende stem van Cilliers die in bekoorlike tone besig was sijn geliefkoosde Gesang te sing:

„Ruwe stormen mogen woeden,
 Alles om mij heen zij nacht;
 God, mijn God zal mij behoeden,
 God houdt voor mijn heil de wacht.
 Moet ik lang Zijn hulp verbeiden,
 Zijne liefde blijft mij leiden:
 Door een nacht, hoe zwart, hoe digt,
 Voert hij mij in 't eeuwig licht.”

Herinneringe uit die kinderjare van Karl Frölich.

Op die dorp C. in die Kaap Kolonie, op die sewende van April 1860, had ik die voorreg als pasgeborene, vir die eerste maal die daglig te aanskou. Ik was reeds die tiende seun waarmee die huwelik van Vader en Moeder gesegend was. Moeder, so als kon verwag word, was erg in haar skik met die „dingetje,” maar die vermeerdering van die familie het nie bij vader 'n alte luimige gemoedstemming teweeg gebring nie. Bij die gelegenheid was Vader nie teenwoordig nie, nie uit onverskilligheid nie, maar dringende besigheid het hom genoodsaak afwesig te wees. Ik was reeds ag dage oud, toen Vader thuis en die kamer binne kom, om Moeder als naar gewoonte, en mij vir die eerste maal te groet. Toen Vader nou verneem dat dit *weer* 'n seuntjie was, het hij net sijn hoof geskud en gesug! Nou 'n mens kon Vader dit ook al nie kwalik geneem het nie, want hij was nie so erg wel gesteld nie, en om so 'n groot familie met alles wat hulle nodig het te versien, kos ook al 'n hele klompie, en dan was die kroosie wat aan die opgroei was, nie van die soetste nie; en dit was nog waaroor Vader hom die meeste gekwel het.

„Ag vrou,” sug hij, „dit lijk vir mij, ons boerderij, op die gebied van kinders is wonderlik gesegend, en met die ander besigheid, waaruit ons 'n lewens bestaan moet maak, gaan dit bij die dag agteruit. Pas het ik weer verneem dat ons met 'n groot som geld onderdeur gesleep sal worde, deur een van ons vriende, vir wie ik borg gestaan het; en dan die kinders, ag die kinders! En hoe om hulle groot te bring?”

„Ag Hendrik,” (want so het Vader geheet) val Moeder

in, „bekommer jou maar nie te veel nie, denk daaraan, die Heere het nooit 'n mondjie geskape, die Hij nie kon voed nie; nog enetjie bij die wat ons al reeds het, sal nie 'n alte groot onderskeid maak nie.”

Ou tant Martjie, soos ons haar altijd genoem het, 'n buurvrou van Moeder, was bij die geleentijd net teenwoordig, en het natuurlik die ontevredenheid van Vader opgemerk. Sij merk toen op: „Neef Hendrik” (want die tijd en dage het ons nog nie van „Mr. en Mrs.” geweet nie) „jij hoof jou nie oor daardie bloetjie te bekommer nie; ik het al die voorreg gehad om baing klein kindertjies te sien, en mij ondervinding het mij geleer, dat waar daar op die gelaat van 'n kleintjie, so 'n buitengewoon onskuldige trek te lése is, als op die gelaat van daardie kindjie van julle, dan kan jij maar seker daarvan wees, dat dit vir iets hogers bestemd is. Neef, dit spijt mij om dit te sê, maar ik is seker, die dingetjie sal nie groot worde nie.”

Die welgemeende woorde van ou tant Martjie was soos dolksteke in die hart van Moeder, en temeer daar sij van dieselfde gevoelens was, waarop sij mij met betraande oge aan haar hart gedruk het, en inwendig 'n sug geslaak het: „Ag Heere! spaar dit tog.”

Maar hoe droefgeestig ou tant Martjie ook al met haar sienswijse voor die dag gekom het, en hoe ernstig Moeder dit ook weer opgeneem het, tog had Vader glad 'n ander opinie. „Ne-e-e,” skud hij sijn kop, „daar glo ik niks van nie. Bij die geboorte van die eerste, die tweede, ja van al die kinders, tot op hierdie laaste enetjie toe, was die opinie altijd van dieselfde gehalte gewees. Bij al die kinders was dieselfde onskuldige trekkie, soos julle dit noem, aanwesig, maar mijn eige ondervinding het mij geleer dat jij daar glad nie kan pijl op trek nie, want hulle lewe almal nog, en onbruikbaar het ik nog nooit belewe nie. Vandag, tien dage gelede” vervolg Vader, „het ik vir Jan en Piet elkeen 'n paar nuwe skoene gekoop. Bij die rivier het Jan een van sijn skoene in die water laat val, wat toen met die stroom uit sijn bereik gespoel het. Piet

laat toen daarop volg: Terwijl jij nou een skoен kwijt is, sal ik maar een van mijne ook in die stroom gooi. En hij het so gemaak ook! Altwee had toen net een skoен elk, en toen het hulle ooreen gekom: daar 'n mens tog met één skoен niks kan maak nie, sal hulle die ander twee ook maar in die water gooi. En na dat hulle dit gedaan had, is hulle kaalvoet huiswaarts gekeer! Hulle trane was nog nie behoorlik weggedroge — deur die pak wat hulle gekrij het nie — of hulle was alweer besig om 'n blik aan die hond van die Predikant te binde. Laaste nagmaal," vervolg Vader warm, „het ons, omdat die kerk bij die geleentijd altijd vol is, die kinders bij die huis gelaat, en wat denk jij het hulle gedoen?"

„Nee, ik weet nie!" sê tant Martjie verbaasd.

„So lang ons in die kerk was, het hulle 'n gelaaide pangeweer in die hande gekrij, en die skoot wat daarop was, binne in die huis afgeskiet, en die grootste wonder is, dat hulle nie makkaar doodgeskiet het nie! En van skrik het die enetjie kerk toe gehol en aan mij kom vertel: Die kinders het mij doodgeskiet! Maar nig Martjie, dis maar 'n paar gevalle uit duisend wat ik aanhaal, om aan te toon dat jou denkwijse omtrent daardie kleintjie," terwyl hij met sijn vinger naar mij toe wijs, „verkeerd is; die ander klompie het almal, toen hulle klein was, net so onskuldig gelijk, maar glo *mij*, hulle is nie!"

Arme Vader! hij het dit maar net smoor gehad onder sijn kroosie, want ons was maar 'n onbruikbaar boeltjie en dit lijk vir mij of die Satan daar 'n behage in had, omdat Vader nooit buitensporighede kon veel nie, ons tot allerhande ondeug op te sweep.

Wat mijself aangaat: Vader had volkomelik gelijk, want ik lewe vandag nog, alhoewel Vader nie die voorreg gehad het om mij groot te sien nie, want toen ik vijf jaar oud was, is Vader gestorwe.

Moeder moes toen maar, so goed sijn dit kon, met die jongspan opsukkel. Gelukkig was toen al drie van die oudste broers instaat om ons besigheid waar te neem,

waarmee dit ook toe baing voorspoedig gegaan het, so dat Moeder nie nodig gehad het om haar te veel oor die tydelike te bekommer nie, want alhoewel die grotere kinders baing ondeugend in hulle kinderjare was, tog was hulle erg aan Moeder verkléwe, en het hulle vir haar gedaan wat hulle met moegelikheid kon, om haar lewe aangenaam te maak.

Toen ik sewe jaar oud was, was 'n pak nie meer vir mij iets vreemds nie.

Juis die dag, op mij sewende verjaardag is tant Martjie naar Moeder gekom, om haar die volgende mee te deel:—

„Nig Annie,” so het Moeder geheet „jij weet dit was altijd mijn gewoonte gewees, dat wanneer ik buitensporigheid van jou kinders ontdek, om dit dan aan jou mee te deel, en jij weet tog Niggie, dat ik daar gen kwaad bij bedoel nie?”

„Ja seker, nig Martjie. En” hervat moeder, „dis ook baing mooi van jou, want ik weet dat die kinders agteraf maar baing stout is, en waar jij enig onbruikbaarheid van hulle sien en aan mij meedeel, sal ik dit altijd als 'n weldaad beskou.”

„Nou ja, hervat tant Martjie, „Kareltjie” (mijn naam was Karel, maar hulle het mij altijd bij die verklein naam „Kareltjie” genoem,) „het ik net nou uit mijn agterplaas verwilder. Ik het 'n hen daar met kuikentjies; ses daarvan het hij ingespan, en toen ik daarop afkom, was vier daarvan alreeds verwurg. En wat nog mooier is, 'n paar dage gelede het hij bij mij in die kombuis 'n skop vurige kole geneem, en dit voor die agterdeur rond gestrooi, en toen mielies daar tussen gegooi, sodat, wanneer nou die hoenders kom om die pitte op te tel, hulle dan tot sijn grootste pret in die lug spring als hulle op 'n kool trap.”

„Ja nig Martjie,” sê Moeder, „Kareltjie is maar baing gruwelik en ik sal hom seker 'n skrik maak,” en laggende vervolg sij: „Herinner jij nog wat jou gedagte gewees het bij sijn geboorte?”

„Ja,” antwoord tant Martjie kortaf „daar oor sal ons nou liewers nie praat nie. Neef Hendrik had volkome ge-

lijk. Kareltyjie lijk maar nog net so onskuldig, maar hij is dit glad nie.”

Daarop het Moeder en tante Martjie hartelik saam gelag, en alhoewel ik die gesprek, sonder hulle wete, afgeluister het, het ik daarom nie saam gelag nie!

Op ons erf was 'n stuk grond wat gereserveerd was vir waterlemoene. Als die vrug nou aan die ranke kom, dan was niemand daar toegelaat nie, want Moeder was bang dat ons dit sou vertrap, voor dat dit rijp is. En gebeur dit nou dat sij van ons spore daar ontdek, dan kan jij glo dat dit 'n riemspringerij afgegee het. Die waterlemoene was al mooi groot, maar hoe 'n plan nou gemaak om te pluk sonder ontdek te worde?

A! eendag val mij 'n mooi plan te binne. Moeder had die gewoonte om smiddags 'n bietjie te gaan rus, dan sou ik stilletjies die kamer in kruip, en haar skoene neem, die dan aantrek en daarmee gaan pluk. Die plan het bij uitstek goed gewerk, want die volgende dag ontdek Moeder, dat die grootste waterlemoen weg was, terwijl haar eige spore alleen daar sigbaar was!

Nou, Moeder was ook al 'n bietjie geslepe geworde, want als jij jou hele lewe met so 'n klompie moet deurbring dan leer jij ook so hier en daar wat.

Die tweede dag het dit nog goed gegaan, maar daarmee was dit uit. Die derde agtermiddag, het ik weer soetjies die kamer ingekruip, maar die slag het Moeder se skoene 'n bietjie dieper onder die bed ingestaan als naar gewoonte, maar ik het daarom nie onraad gemerk nie, en net toen ik mijn hand op die skoene sit, toen sit Moeder haar voet met die afklim op mijn rug, en een-twee-drie was daar dieselfde skoen wat mij gister en eergister so 'n weldaad bewijs het, aan die woel, en die leser sal maklik begriip dat die waterlemoene ook nie meer weggeraag het nie!

Tot nog toe had ik altoos bij moeder op één bed geslaap, en smorres moes ik vroeg op, om mijn lesse vir die skool te leer en tegeliktijd koffiewater te kook. Dit het maar al morres 'n bietjie moeite gekos, om mij uit die

bed te krij, en Moeder het al begin ongeduldig daaroor worde, en ook al vir mij slage belowe. Een morre, nadat Moeder mij al verskeie male geroep het en sonder gevolg, staan sij skielik op om 'n lat te haal om mij 'n les te leer. Sodra Moeder die kamer uit was, het ik twee kussens geneem, en agter makaar, waar ik gelê het neergelê, en toen weer met die kombers gedek. Ondertusse was ik onder die kooi. Nie al te lank nie, of hier kom Moeder met 'n kweper lat, en sonder praat val die slage, maar toen sij nou bij die vierde hou sien, dat ik nie 'n beweging maak nie, het sij, goeie weet, seker geskrik, en trek die kombers af, en nog is dit alsof ik Moeder hoor skater, bij die gedagte dat sij dieselfde kussens, wat vir ons die gehele nag so 'n goeie diens bewijs het, nou so onskuldig 'n pak gee.

Gelukkig was ik dan toen ook bij die gelegenheid die pak misgeloop.

Een morre in die somer, (ik was toen ook al omtrent dertien jaar oud), was dit verskrikkelik warm en die vliege was baing lastig, ik was op 'n boodskap gestuur, en had 'n groot tros druiwe in mij hand, waaraan ik geloop en eet het. So 'n entjie van ons huis af, op die mark, sien ik die poskar, met vier perde daarvoor staan. Die perde was baing lewendig, en deur dat die vliege hulle so geweldig pla, wou hulle ook nie meer staan nie. Die posjong, Moos geheet, had net sijn hande vol om die diere te paai, terwijl hij moes wag vir 'n passiesier.

Toen ik nou in die nabijheid van die kar kom, sien ik met eens, dat die jong nie die lijfels durf los nie, want dan hol die perde weg. Toen kom die gedagte sommer bij mij op: „Als ik nou die tros druiwe in Moos se gesig kan gooi, dan sal dit tog te mooi wees; die vliege sal hom pak en hij durf nie die kar verlaat nie om agter mij te ja, of om sijn gesig te gaan was nie.” En met die plan stap ik so kort mogelijk voor die voorperde om. „Gee pad daar” skree hij, „jou klein vagebond! Kan jij nie sien dat ik nie meer die perde kan vas hou nie?”

Maar ik het mij nie alte groot aan hom gesteur nie,

en toen ik nou na genoeg was, trek ik so onverwags met die tros druiwe los en ik raak hom mooi tussen sijn twee oge, dat die sop so spat! Dat Moos nou daar gebruik gemaak het van woorde wat ik nie in die tegenwoordigheid van Moeder sou gebesig het nie, sal almal begriip. Hij het mij egter belowe dat hij mij in die hande sal krij, maar daar het ik ook nie groot notisie van geneem nie, want ik had al so veel belofes van die aard op mijn rekening, en nog een daar bij maak nie 'n saak nie.

'n Paar dage daarna het 'n paar makkers van mij, en ik, so 'n snuffel toggie gemaak in die tuine van ons bure, maar was toen verhinder geworde, deur dat die eigenaar van 'n appelboom, waar ons in was, ons 'n sagte vermaning met 'n karwats wou gee, en gedagtig aan die spreuk: Dat die man wat vandag hardloop, morre weer 'n kans krij, het ons maar met alle haas en spoed gere-tireer, en só van koers verander, dat ons op die kerkhof te lande gekom het. Ons was weer veilig, en op die kerkhof was juis 'n begrafenis aan die gang, so het ons maar besluit om ook die te gaan bijwoon. Die toedrag van sake was korteliks so: Die lijk wat sou begrawe worde was die van 'n meid wat al jare in die diens van die vrouw van die Engelse predikant gewees het. Sij was skielik siek geworde en gestorwe. Die predikant het self die lijkrede gehou, maar in Hollans, daar die toehoorders, maar meesal uit volk en meide bestaan het, en daar die gestorwene meid 'n degelike skepsel was, en temeer ook, al so lank in hulle diens gewees het, val dit lig te begriip dat sijn gemoed hom vol geskiet het, so dat hij hom nie meer mooi in Hollans kon uitdruk nie. Skielik het hij afgebreek, en die koster, outa Hendrik geheet, versoek om als tolk te ageer. Outa Hendrik was altoos 'n vloeiende spreker gewees, maar toen hij verneem dat hij moes tolk, het hij presies geskrik net soos iemand wat 'n doodvonnis ontvang, wat hij nie verwag het nie. Hij was so bleek als die dood, en hakel toen so geweldig, dat 'n mens hom bijna nie kon verstaan nie. Die predikant trek toen weer

los, maar nou in Engels, en wat min of meer hierop neer gekom het: „Wees eensgesind onder makaar,” en outa Hendrik was klaar met die vertaling: „La-la-laat ... julle moe-moe-moet go-o-o-o-eie mense wees, en nie sooooo ho.....nde nie!” (Laat julle moet goeie mense wees en nie soos honde nie.) Ik het niks meer nodig gehad nie, en sommer daar en dan hardop uitgebars van die lag! Die swager van die predikant was ook teenwoordig. Hij het ’n goeie „streep” gehad, en dan nog daarbij vreeslik deur sijn neus gepraat. Die pak mij toen aan mij arm en skree toen: „Hoor hier, als jij wil lag, dan loop lag jij daar buite hoor!” Daar die oge van die hele vergadering nou op mij gerig was, het ik mij maar so gou als mogelik oor die muur gehelp, en laat vat, en tot mijn grootste skrik, ’n entjie daarvandaan, hier kom Moos, die posjong, ook naar die kerkhof toe. Hij het mij ook al gewaar en daar was nie kans om te ontvlug nie, en hoe nou gemaak? Gou had ik ’n plan klaar, en stap toen ewe vrijmoedig naar Moos toe. „So,” sê hij, „jou klein skelm, nou het ik jou mos.” „Nee wag,” sê ik ewe bedaard, „Outa Moos, die Engelse predikant het vir mij gestuur, om vir jou te kom sê, dat jij moet gou kom om vir hom met die begrafenis te kom help met die vertaling, want outa Hendrik is glad te swak.”

Moos was eers huiwerig, „maar,” dag hij, so als hij later uitgelaat het, „als ik nou bij die begrafenis moet gaan help, dan sal dit daarom ook nie strijk nie, om hier ’n lawaai op te skop nie” en so had ik Moos ook, vir die ogenblik, van mij lijf af.

Als naar gewoonte moes ons al Sondage naar die kerk gaan. Ik was toen al so groot, dat ik verlof van Moeder had, om met mij ouwere broers saam op die gallerij te sit. Op die gallerij het die groot kerkorrel gestaan, en op die tweede bank, vlak daaragter, was mijn sitplaats. Vandaar kon ik natuurlik die predikant nie sien nie, en hij vir mij ook nie, en so was die spreuk, van mij kant af, bewaarheid geworde: Uit die oog, uit die hart. Die banke was ’n bietjie hoog, en op die eerste bank, vóór mij, ook reg

agter die orrel, was die sitplaas van ou oom Kootjie Jooste. Nou die ou het ook nie eindlik kerk toe gekom om die Leeraar te hoor nie, O nee, maar om te sit en slaap! Want gewoonlik raak hij onder die eerste gesang aan slaap, en met die laaste skrik hij wakker. Deur dat die bank, waar oom Kootjie op gesit het, maar hoog, en hij weer baing kort was, het sijn voete nooit op die vloer geraak nie. Gewoonlik had hij 'n gladde kweper kiere wat hij dan op die vloer regop, met altwee sijn hande vashou, so dat sijn hande tegelijkertijd als kussen kan diens doen, en so sit hij die hele diens deur en slaap.

Dit het tot nog toe altijd goed gegaan, maar die Sondag het die ongeluk met die ou mooi-weer gespeul, want net onder die preek het sijn hande los geglip, waardeur hij sijn balans verloor het, en soos 'n sirkus-man sijn kop tussen sijn twee bene, onder die bank ingestek het, en toen boldermakiesie geslaan. Hij had twee geweldige ammunisie stewels aan, die kom toen met 'n skrikkelike doer! doer! tegen die orrel te lande. En om homself te regvaardig, nadat hij 'n hande-vier-voet posisie ingeneem het, loer hij so skuins onder die bank op, en sê, maar soetjies: „Ik het vannag ook nooit geslaap nie.” Op die ogenblik het ik vergeet dat ik in die kerk was, en lag toen so hard als wat ik dit op straat sou gedaan het. Met die rumoer het die Leeraar dadelik afgebreek, en hom in 'n ander trant laat hoor: „Die knapie wil ik na afloop van die diens, 'n bietjie in die konsistorie sien.” Maar ik het mij so ingerig, dat toen die „Amen” geval het, ik omtrent die eerste was, wat die kerkdeur uit was, en mij maar gedurende die week, so ver van die Leeraar, als dit mogelijk was, opgehou.

Kort na die voorval van die laaste gebeurtenis hierbo vermeld, is mijn liewe Moeder ook die ewige slaap ingegaan, waardeur ons huislike kring opgebroke was, en gevolglik 'n verstrooing van die nog in huis sijnde kinders veroorsaak het, en so is dan tot mij grootste leedwese 'n einde aan die plesier van mijn genotvol kinderjare gekom.

'N VERGISSING.

Nadat Cronjé met sijn manskappe op Paardeberg oor-gegee het, het die Engelse legermag opgeruk in die rigting van Abrahamskraal, om natuurlik 'n voorwaartse beweging te maak naar Bloemfontein en Pretoria.

In die nabijheid van Abrahamskraal het al die Vrijstaate kommandoes, wat in die gelegenheid was, so veel mogelijk gekonsentreer om die vijand te stuit. Onder andere was daar 'n kommando waarvan die pos van kommandant vakant was. Die kriegsraad het toen besluit om dadelik die pos op te vul, waarop die bevelvoerende Generaal dit goedgegag het self te gaan, om die aanstelling van die nuwe kommandant te oorhandig, en te gelykertijd die nodige instruksies aan hom mee te deel. Bij aankoms van die Generaal, word die doel van sijn koms bekend gemaak, en net gou daarna, was die toekomstige kommandant teenwoordig. Na die gewone formaliteite laat die Generaal hom als volg hoor:

„Kommandant, dit doet mij groot genoeg om jou van morre tot so 'n belangrike pos aan te stel, en ik wil vertrou dat jij jou met dapperheid en beleid van jou verantwoordelikheid sal kwijt. En,” vervolg die Generaal, „Kommandant, daar lê die lager van Roberts, en dit word aan jou, met jou manskappe opgedra, om aan Roberts te toon, dat 'n Vrijstaate kommando nog altoos in staat was om hom te dwarsboom.”

Nadat die Generaal die burgers ook toegesprek het, val die kommandant in: „Hartelik dank Generaal, vir die groot eer mij aangedaan om mij tot so 'n hoge en gewigvolle stand van Kommandant te benoem; en Generaal, ik wil jou belowe dat hier vanmorre bloed sal loop.” Toen vervolg hij verder: „Sien Generaal daar die plaas daar-

onder? Dis Abrahamskraal, mijn geboorte plaas, en als die Engelse meen om daarvan meester te worde, dan sal dit seker bloed kos.”

„Goed Kommandant,” laat die Generaal hom hoor, „dit doet mijn hart goed om te verneem dat daar nog sulke moedige Kommandante onder ons is. So,” sê die Generaal „nou is alles hier in orde, en nou gaan ik om mijn orders op die ander punte van verdediging af te gee.”

Nadat hij nou afscheid, met 'n segenwens van die Kommandant geneem het, is hij vertrokke. Daarna spreek die Kommandant die manskappe als volg toe: „Burgers, julle weet almal dat dit nooit mij strewe was om offisier te worde nie, maar dis maar die beloop van die wereld: als jij na iets hijg, dan krij jij dit nooit, en omgekeer, als jij weer tevrede is met jou lot, dan val iets jou gouer te beurt als jij verwag het. Nou, Burgers, ik wil maar vertrou dat ons wagwoord sal „dapperheid” wees, en als ik eenmaal die voorreg mag hê om als Generaal, julle weer toe te spreek, dan wil ik vertrou dat die oorgrote meerderheid van julle ook dan in die voorreg mag deel, waarin ik mij nou bevinde. Nou Burgers!” so vervolg die Kommandant, „julle het almal die orders van die Generaal gehoor, dat ons die voorwaartse beweging van Roberts moet belet, en ons gaan dit doen ook. Laat ons nou vir eens en vir altoos aan die Engelse toon, dat hulle ook nie maar kan maak soos hulle wil nie. En, Burgers, één ding is seker, hier *sal* van morre bloed loop, maar denk daaraan, dit sal vir vrijheid en vir reg wees, en op hier die selfde rant sal nog eendag 'n monument prijck ter ere van die Ge.....” Maar verder het die Kommandant nie gegom nie, want net toen blits daar 'n kanon in die Engelse lager, en die bom bars net mooi tegen die rant waarop die Kommandant besig was sijn manskappe toe te spreek, en waarop hij net so hard hij kon, skree: „Posisie Burgers! Posisie! Neem posisie in, dit lijk vir mij dit gaan vanmorre 'n groot neukerij afgee.” Ondertusse bars die tweede en die derde bom, en nog kon jij die Kommandant hoor skree, terwijl

hij self hande-vier-voet agter 'n groot rotsblok skuil: „Posisie Burgers!” Maar dit skijn alsof die Engelse toen 'n vermaak daarin geskep het om net *die* posisie van die pas aangestelde Kommandant te bombardeer. Die bombarde-ment het so vir 'n klein rukkje afgebreek, en die Komman-dant had nog soveel moed oor om 'n slaggie naar die lager van Roberts te loer, en net toevallig blits dit weer, en die bom bars toen net kort bij hom. „Burgers!” skree hij, „dis 'n snelvuur, ik ken hom, en als julle nog soveel moed oor het, vlug dan vir julle lewe.” En sonder om die uitwerking van sijn bevel aftewag, het hij laat vat so hard hij kon, en nooit is weer iets van hom verneem nie!

Die burgers was bitterlik ontevrede gewees met die aanstelling van die nuwe Kommandant en kon dit maar nie oplos hoe dat die Regering daartoe gekom was om so 'n man, wat algemeen bekend was als 'n lafhart, tot kommandant te benoem nie. Hulle het toen uit eige bewe-ging die punt self verdedig, en met 'n klein verlies, totdat hulle genoodsaak was, deur die oormag van die Engelse, te retireer, hulle vijand 'n geweldige slag, gepaard met groot verlies van menselewens toegedien.

Bij later ondersoek is dit toen gebleke dat die Kom-mandant per abuis aangestel was, daar hij die naamgenoot van die regte man was, die aangestel moes worde, maar ongelukkig afwesig was. Die volgende dag was die fout, tot groot vreugde van die burgers weer herstel, en alles weer in orde.



AGTERDOG.

Die geskiedenis wat ons hier wil meedeel is voorgeval op die plaas Treurkop. Die naam Treurkop sal nie 'n alte gunstige indruk maak nie, en te meer als 'n mens in gedagte hou, dat die oorsprong van die naam toe geskrywe word aan 'n bloedige moord wat daar gepleeg is, ettelike jare gelede, op die familie Niemand, bestaande uit vader, moeder en ses kinders, die daar in die koppe, vir veiligheid gevlug het, en daar deur Boesmans ontdek werd, en op 'n wreedaardige manier vermoor is geworde.

Alhoewel nou die opstal van Treurkop goed voorsien was van welgeboude woninge en netjiese krale, tog het dit nooit 'n gunstige indruk op die reisiger gemaak nie—daar dit in 'n uithoek gelege was, en dan nog so tussen 'n reeks van klip koppe ingeboud was. Ja so erg was die woning omring van koppies en kransies, dat als iemand bij die woning sou gestaan het, dan kon hij nie eens sien wat in die krale gebeur nie.

Daar die plaas nou so eensaam gelege was, was die eighenaar, Hendrik Vermeule, en sijn gade ook langsamerhand aan die eensaamheid gewoon geworde, en het hulle maar net bij hulle boerderij bepaal, wat, so als die gewoonte van daardie streke was, maar net uit kleinvee bestaan het.

Baing mense is van oordeel dat eensaamheid verkiesliker is dan gewoel, daar dit 'n gunstige invloed op die denkvermoge uitoefen. Nou dit wil ons in al die gevalle nie betwis nie, maar, in die geval, waarvan ons skrywe, het dit 'n noodlottige gevolg gehad.

Die Satan gaan rond nes 'n briesende leo, om te verslinder, en natuurlik maak hij gebruik van enige gelegenheid om sijn doel te bereik; en op Treurkop het hij sijn

Sataniese invloed laat gelde op Hendrik Vermeule, deur 'n sterk mate van agterdog bij hom aan te kweek; en naarmate Hendrik toegeneem het in rijkdom, het sijn agterdog vermeerder. Ja, dit was al so hoog, dat als hij van die koppe af, een of die ander, in die rigting van die woning sien kom, hij dan met 'n sug naar die huis toe stap, en bij sijn aankoms aan sijn vrou opmerk: „Daar kom alweer iemand aan, dis seker weer een of die ander wat kom geld leen, want sodra als hulle bespeur, dat jij 'n bietjie voorspoedig is, dan wil hulle leen, en op die ou end krijg jij dit nooit weer terug nie.”

„Ag Hendrik,” val sijn vrou hom in die rede, „ik weet waarlik nie hoe ik jou moet verstaan nie, want famelewe toen ons begin het, en maar arm was, toen was jij helemaal 'n ander mens gewees, maar dit lijkt vir mij hoe meer dat ons bijmakaar maak, hoe minder vreugde dit vir jou aanbring, want telkemaal het ik al opgemerk, dat sodra iemand hiernatoe kom, jij altijd met 'n verkeerde gedagte besield is. Denk jij nie dat ons volk ver weg beter af is als jij nie? Die hoor jij tog nog 'n vriendelike woordjie met makkaar wissel, en al het hulle nie veel aardse besittinge nie, tog het hulle ogenblikke wat 'n vrolike gemoedstemming teweeg bring. Maar, mij liewe man,” vervolg sij, „met jou is dit helemaal anders geworde. Jij denk van almal net kwaad, en jij self vergaan daaronder. Als rijkdom vir 'n mens so 'n hel op aarde moet worde, dan sou dit verweg verkiesliker wees om arm te blij. Baing dage het ik al die blijmoedige gemoedstemming van ons volk en meide begeer.”

„Ja”, val hij in, „dit dank jou die duiwel, hulle kan maklik opgeruimd en blijmoedig wees, want hulle slag mijn vee, op 'n skelmagtige manier, en daar die veewagter Jacob, wat jij altijd vir so danig eerlik hou, is 'n dief.”

„Nee wag,” val sij in sijn rede, „daar het jij dit letterlik wat ik netnou gesê het: Jacob is al tien jaar in ons diens, en jij het hom nog nooit op 'n misdaad betrap nie. Maar mijn liewe man, dis bese gedagtes wat die Satan jou wijsmaak.”

„Nee,” antwoord hij weer op sijn beurt, „dis nie bouse gedagtes nie, maar jou liewe Jacob is vir mij tot nog toe te slim gewees. Maar een van die mooi dage sal ik hom betrap, en dan sal ik hom daarom seker tot sijn plig bring, dit belooft ik jou.”

En met 'n binnensmondse gemompel, stap hij uit naar buite.

Hendrik het altijd die gewoonte gehad, waar dat hij ook al geloop het op die plaas, al was dit maar net naar die kraal toe, om sijn geweer saam te neem, want sijn gedagte was, dat die jakhalse hulle maar altoos in die spelonke skuil gehou het, om bij gunstige ogenblikke sijn kraal bij te trek; en dan was sijn gewoonte ook nog, om altijd smorres en saans, die skape uit en in te tel. Maar wonderlik, in al die tien jare wat Jacob veewagter was, niteenstaande die nougesetheid van sijn baas, het daar nooit iets met die vee voorgeval wat hij nie gunstig kon oplos nie; en 'n mens sou sê, dat 'n tienjarige diens sonder blaam tog 'n groot rekkomendasje moes gewees hê. Maar die gees van agterdog was so diep gewortel in Hendrik, dat hij van die verledene van Jacob, hoe gunstig dit ook al gewees het, gen notisie geneem het nie, en maar, meer en meer die gedagte laat pos vat het: *Jacob is 'n dief!*

Op 'n goeie morre stap Hendrik weer naar die kraal toe, om die vee uit te tel, en die nodige orders aan Jacob af te gee, hoe dat hij met die vee die dag moes trek.

„Jacob,” so begin hij, „jij sien dis lamtjyd, jij moet goed oplet naar die vee, moenie lê en slaap nie, dat die ongediertes kan mooi-weer speel met die vee nie, en als daar vreemde volk bij jou kom, moet jij hulle dadelik in die pad steek; want die volk wat so rondloop is te lui om te werk, en wil net van steel lewe. Het jij nou goed gehoor?”

„Ja Baas,” antwoord Jacob ewe nederig.

„Nou ja” laat Hendrik nog ten slotte hoor, „toe loop dan, en pasop!”

Hendrik was die dag meer gejaag als die ander dage, en het maar gedurig op die koppe geblij, om te sien of hij nie die een of ander ongeregelheid bij die vee kon ontdek nie.

Laat die agtermiddag stap hij huis toe, en toen dit omtrent tijd was dat die vee moes kraal toe kom, toen vat hij sijn geweer en stap weer naar die kraal, en volgens gewoonte, net toen die son onder was, was Jacob aangekom met die vee, wat toen in die kraal getel word. Maar ongelukkig blijk dit dat daar één kort was! Dit was 'n ou swartbont bokooi wat altijd die gewoonte had om laaste in te loop.

„Waar” ewe barstig, vra Hendrik, „is die bok - ooi? Ik het gedog ik sal jou betrap, jou verwenste dief! Waar is die ooi? Praat gou, moenie weer plan maak nie!”

„Baas” so begin Jacob, verskrik, want hij het opgemerk dat sijn baas bleek van boosaardigheid was, „van middag, strijks van twee uur, was die bok nog bij die vee, en mijn gedagte is sijn het opsij gelam. Ons sal haar morre seker weer krij.”

„Nee, jou vagebond,” vervat Hendrik, „ik het lank al die gedagte gehad, dat jij op 'n skelmagtige manier, vir jou uit mijn kraal self help. Kom, vertel mij nou hoe kom het jij die bok geslag?—En,” vervolg hij, „mijn jong, glo vir mij, so seker als dat die son onder gegaan het, sal dit die laaste bok wees wat jij sal slag!”—En daarop haal hij die geweer oor.

Jacob sien toen dat dit mening was, en val toen smekend op sijn knie'e, maar voor dat hij kans had om hom behoortlik te verdedig, was die skoot uit, en Jacob sak inmaakar neer—'n lijk!

Hendrik het toen die lijk van Jacob, in een van die klipskeure, agter die kraal gegooi, en dit met klippe dig gepak, en toen 'n paar dooie lammers, wat agter die kraal mure gelê het daar op gegooi, so dat bij ontbinding van die lijk, die reuk aan die lammers kan toegeskrijwe worde.

Die Satan het sijn doel bereik! Nou moet hij weer 'n ander weg inslaan om die prooi van sijn verleiding wanhopig te maak!

Die volgende morre gaat Hendrik, als naar gewoonte, naar die kraal, en, ag Hemel! tot sijn grootste verbasing, daar staan die vermiste bok met twee lammers!

Wie sal die skrik bij *die* ontdekking kan beskrijwe! Daar staan Hendrik — half verstorwe, vooroor geboge, terwijl sijn twee bene soos riete in die water gebewe het—die wit van sijn oge, rondom die appels, was sigbaar, en met oophangende mond was hij sprakeloos!

Vir 'n goeie tien minute, het hij so doodsbleek, sonder om sijn oge te knip, blij staan, en uiteindelik is hij met 'n sug bewusteloos inmaak gesak.

'n Rukkie daarna, is hij weer bijgekome, en sukkelend huiswaarts gekeer. Bij sijn aankoms het sijn vrou dadelik bespeur, dat hom iets buitengewoon moes oorgekom het, want hij het beswaarlik geloop, en hij was so bleek als die dood!

„Wat makeer jou, Hendrik,” vra sijn verskrik, „wat het jou oorgekom?”

„Ag vrou,” antwoord hij, „ik het sommer naar geworde bij die kraal, dit sal netnou weer beter wees.” En terwijl hij op 'n rusbank in die eetkamer gaat lê, sê hij, dat sijn 'n ander jong met die vee moes veld toe stuur, want hij het gestraand Jacob 'n bietjie hard aangespreek, en dit lijk vir hom, die jong het weg geloop, want hij was nergens te vinde nie! Na dat sijn vrou hom 'n bietjie kamfer ingegee het, het sijn een van die ander volk aangesê om met die vee te trek, daar *sij* ook van oordeel was, dat Jacob weggeleed het.

Van die ogenblik af het Hendrik stil geworde, hij het bijna nooit gepraat nie, maar min ge-eet, en glad gen intres in sijn boerderij geneem nie. Die vrou moes maar alles waarneem.

Natuurlik kan 'n mens begriep, dat met so 'n knagende konsensie hij bij die dag agteruit gegaan het, want

twee maande na die dood van Jacob, sou iemand wat hom ses maande gelede geken het, nooit kon geglo het dat dit dieselfde man was nie. Sijn baard en hare was ruig, en gedurig stap hij, dan hier, dan daar met gevouwe hande rond, en neem van niemand en van niks notisie nie; en so alle vijf of tien minute dan gee hij so 'n diepe sug! Hij was altoos gejaag, en daar niemand nou, self sijn vrou ook nie, iets uit hom ter opheldering kon krij nie, was dit moeilik om 'n denkbeeld te vorm van die skielike en treurige verandering in sijn lewe.

Was die gelegenheid vóór die dood van Jacob vir die Satan gunstig gewees, om so 'n mate van agterdog bij Hendrik aan te kweek, nou was die ogenblik nog gunstiger om hom wanhopig te maak, en die enigste gedagte wat Hendrik maar altoos besig gehou het, en wat nou vir hom duidelik was, was sijn verkeerde handelwijse teenoor almal, en viral die onregvaardige dood van Jacob. Hij sou als hij dit had, miljoene van ponde wou gegee het, om sijn verwenslike verslete lewe terug te krij. Maar daar hij wis dat dit te vergeefs was, is hij al lanksamerhand meer en meer wanhopig geworde, en tot die konklusie gekom, dat dit verkiesliker sou wees aan sijn eige lewe ook maar 'n end te maak.

Met die gedagte stap hij, een morre ewe blijmoedig sijn vrou in gemoet en deel toen aan haar die volgende besluit mee: „Vrou, ik het 'n plan om 'n bietjie dorp toe te gaan, en daar ik weet dat jij al van allerhande benodighede moet kort wees, want ons het lank nie dorp toe gestuur nie, moet jij maar 'n lijsie van wat jij nodig het uitmaak, dat ik dit kan koop. Ik denk 'n verandering sal altemit vir mij goed wees.”

„Ja seker” val sijn blijmoedig in, „dis maar al te jammer dat jij nie al eerder aan mijn versoek, om ter wille van jou gesondheid 'n verandering te maak, gehoor gegee het nie. En, mijn liewe man, ons kan dit tog stel, om 'n maand of twee, ter wille van jou gesondheid op te offer.” En met 'n smekende trek op haar gelaat, voeg sijn daar bij: Kom ons gaan vir 'n tjdjie naar die strand.”

„Nee wag” antwoord hij ewe droefgeestig, „daar oor kan ons later praat.”

Die volgende morre was alles in orde en Hendrik is naar die dorp gerij. Daar gekom het hij maar net so gou als mogelijk die goed gekoop en op die wa laat sit en toen is hij naar 'n apotheek gegaan om 'n flessie strijchnine te koop, om, so als hij voorgegee het, wolwe te vergewe.

Bij sijn aankoms thuis, kon sijn vrou al dadelik bespeur, dat die verandering gen verbetering was nie, want hij het haar nie eens gegroet nie, en die kamer binne gestap. Omtrent 'n uur daarna hoor sij hom so verskrikkelik kerm, dat sij gaan kijk het wat die oorsaak was. Bij haar binnekoms bemerk sij dat hij in 'n vreeslike lijdning verkeer : sijn hele ligaam het so geweldig, nes iemand wat stuipe het, getrek, en sijn oge was helemaal omgekeer, en dan was daar so 'n vreesagtige trek op sijn gelaat afgeteken, dat sij bijna te bang was om nader te gaan. Maar dit was tog haar man, en sij had hom nog innig lief. Met betraande ogen stap sij nader, en kniel voor die bed neer. „Ag mijn liefste Hendrik,” snik sij, „wat skeel jou tog, wat het tog die eens vir mij, so bekoorlike lewe so verwoes? O, mijn man, als daar tog 'n geheim is, in Gods naam vertel dit tog.” En terwijl sij nog so hard op snik, het die pijn al lanksamerhand bedaar, en het hij toen weer so bijgekom dat hij weer kon praat, en die volgende aan haar saggies meegedeel : „Jij had gelijk, mij beste vroukje, dat ik altijd met boosheid besied was, en ag, kon ik dit tog maar verstaan het, maar nou is dit vir ewig te laat, want binne kort sal ik 'n ramspoedige verdoemenis te gemoet gaan.”

Weer had hij 'n geweldige aanval van die pijn en was weer vir 'n wijle bewusteloos. 'n Rukkie daarna het hij weer bijgekom, en alhoewel seer uitgeput, vervolg hij :—

„Jacob was waarlik eerlik, en ag ik het hom onskuldig doodgeskiet.” En toen het hij vertel wat hij met die lijk gedaan het. „Alles” hervat hij, „kan ik nog min of meer oorkom, maar als ik denk aan die onskuldige smeekstem,

toen hij met gevouwe hande voor mij neer gekniel het en met sijn oge naar die hemel geslage, terwijl die trane oor sijn wange gerol, en hij sugtend uitgeroep het: Baas! mijn God weet dat ik onskuldig is. En daarom, vrou, het ik die daad gepleeg om mij self te vergéwe: Daar staan die flessie, daar is 'n brief bij waarin ik met mijn handtekening bevestig het dat ik mij eige moordenaar is. En"—. Maar verder kon hij nie; die krampagtige pine is toen weer so geweldig aangekom, en met omgekeerde oge, terwijl die doodsweet hom afgeloop het, is hij onder 'n smartvol lijdning, die ewigheid binne gesnel.

Eensaam was die plaas; eensaam was die lewe daarop, en in eensaamheid moes Johanna, want so het sij geheet, die noodlottige dood van haar man betreur, daar die huwelik nooit met kinders gesegend was nie.

Nadat Hendrik gestorwe was, het Johanna onder 'n stortvloed van trane die doodsvertrek verlaat, om die treurige voorval aan die bediendes mee te deel, maar net toevallig, toen sij die woning uitstap, hou die kar van die veldkornet van die wijk voor die deur stil. Die omstandighede word toen aan hom meegedeel, en gou het hij 'n jong op 'n perd gesit om die dokter te haal, die net toevallig op 'n plaas was, waar die veldkornet van gekom het. Kort daarna was die dokter aangekom, en met die lijkskouwing 'n aanvang gemaak, en met die informasie voorhande was die uitspraak: „Selfmoord deur vergiftiging.”

Als naar gewoonte was die begrafenisbrievies in die wijk gesirkuleer, en 'n buitengewoon groot aantal mense het daaraan gehoor gegee om die laaste eer aan die stoflik oorskot van die ongelukkige Hendrik Vermeule te bewijs.

Die agtermiddag om vier uur, twee dage na die onvergételike voorval, was die stoet op weg naar die kerkhof om die lijk ter aarde te bestel. Die lug was al die gehele dag bewolk gewees, en alles het daar somber en treurig uitgesien. Bij die graf het die Leeraar 'n aandoenlike rede gevoer en daarna Gesang 20:3, 9 laat sing:

Hij, die sijn eigen weg wil gaan,
Ziet dwaallicht vaak voor starren aan,
En, gaat hij op dat schijnsel door,
Dan dwaalt hij licht van 't regte spoor.

Komt! treen wij dan gemoedigd voort,
In vast vertrouwen op Zijn woord;
Hoe moeilijk ons de weg ook schijn',
Het eind zal zeker zalig zijn.

Die gedurige rommel van die donder word onder die sing verneem, gepaard met enkele grote druppels, die onmiddellik na afloop van die begrafenis vermeerder het tot 'n stortbui als of die natuur self oor die treurige gebeurtenis bewoge was.

Die lijk van Jacob werd 'n paar dage daarna uitgehaal, en fatsoenlik herbegrawe.

Twee jaar na die dood van Johanna haar man, is sijn weer met 'n bolander, Albert Retief getroud, en so eensaam en treurig als haar lewe voorheen gewees het, so aangenaam en plesierig was dit nou geworde, en met 'n gesegende kroos, is Treurkop vir haar in der waarheid 'n Fleurkop geworde.



AFRIKAANSE VERHALLE, DEUR J. G. ENGE

AFGENE
2696.668 VZ